

'N STUDIE VAN GEMEENSKAPLIKE KOSTE MET SPESIALE VERWYSING

NA DIE ROL VAN BEGRÖTINGS IN DIE BEHEERDE

BEMARKING VAN SUIWELPRODUKTE IN

SUID-AFRIKA

'N STUDIE VAN GEMEENSKAPLIKE KOSTE MET SPESIALE VERWYSING
NA DIE ROL VAN BEGROTINGS IN DIE BEHEERDE
BEMARKING VAN SUIWELPRODUKTE IN SUID-AFRIKA

deur

W.V. LIEBENBERG Honns. B. Comm.

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII

(Kosteberekening)

in die

Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

POTCHEFSTROOM

SUID-AFRIKA

Onder leiding van prof. dr. A.J.E. Sorgdrager

POTCHEFSTROOM

November 1963

VOORWOORD EN BEDANKINGS

In ons dekade wat in die teken staan van ongekende wetenskaplike vooruitgang word daar al meer en meer gesoek na wetenskaplikheid ook in die alledaagse dinge waarmee ons te doen kry. Ook op die gebied van die koste moet ou gewoontes en gebruike plek maak vir wetenskaplik-gefundeerde metodes. Die probleem van gemeenskaplike koste doen hom daagliks voor in ons moderne bedryfslewe. 'n Wetenskaplike ontleding van die probleem is al die eerste stap in die rigting van 'n oplossing daarvoor.

Dit is sekerlik vandag die strewe van elke ondernemer om te weet wat die toekoms vir hom en veral vir sy onderneming inhou. Ek kan alleen die hoop uitspreek dat die inhoud van hierdie skripsie lig sal werp op die problematiek van die vraagstuk van 'n wetenskaplike benadering van die verwagtings vir die toekoms.

Ek wil graag my dank uitspreek teenoor die persone wat dit vir my moontlik gemaak het om die skripsie te voltooi.

In die eerste plek wil ek prof. dr. A.J.E. Sorgdrager besonder bedank vir sy leiding en hulp in hierdie verband. Dit was 'n voorreg om gedurende die afgelope aantal jare te kon put uit sy diepgaande kennis en ondervinding. Hy besit die gawe om sy studente tot dade te inspireer.

Aan die bestuur van die Suiwelraad my hartlike dank vir hul bereidwilligheid om te help en die geleentheid wat my gebied is om hierdie skripsie te voltooi.

Ook my opregte dank teenoor mnr. J.F. Roos wat te midde van veelvuldige werksaamhede die taalkundige versorging van hierdie skripsie onderneem het.

Aan mev. R. de Beer, baie dankie vir die netheid en vaardigheid waarmee u die tikwerk gedoen het.

Les bes 'n woord van besondere dank en waardering teenoor my eggenote aan wie ek hierdie skripsie in dankbaarheid opdra vir al die opoffering en aanmoediging gedurende my jare van studie.

PRETORIA

November 1963.

Geldelike bystand van die Departement
van Onderwys, Kuns en Wetenskap
(Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing)
ter bestryding van die koste van hierdie
navorsing word hierby erken.

Menings in hierdie werk uitgespreek of
gevolgtrekkings waartoe geraak is, is
dié van die skrywer en moet in geen
geval beskou word as 'n weergawe van
die menings of gevolgtrekkings van die
Departement van Onderwys, Kuns en Weten-
skap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing)
nie.

INHOUDSOPGAWEINLEIDING EN DOEL

1. Inleiding	1
2. Beheer deur die Suiwelraad	2
3. Doel van die studie	5
4. Probleemstelling	9
5. Indeling van die studie	9

Hoofstuk 1 TOTSTANDKOMING EN FUNKSIES VAN DIE SUIWELRAAD

1. Inleiding	11
2. Regeringsmaatreëls	11
3. Huidige funksies van die Raad	14
4. Afbakening	15

Hoofstuk 2 GEMEENSKAPLIKE KOSTE - BEGRIPSBEPALING

1. Sekere kostebegrippe	16
2. Gemeenskaplike en saamgevoegde koste	20
3. Opsomming	26

Hoofstuk 3 GEBRUIKE VAN HISTORIESE GEGEWENS

1. Inleiding	27
2. Die tydfaktor	27
3. Vasstelling van finale marges vir afgelope seisoen ...	29
4. Vooruitvasstelling van marges vir volgende seisoen ...	31
5. Hersiening van marges vir lopende seisoen	31
6. Vergelyking met ander nywerhede	31

Hoofstuk 4 VERSAMELING VAN HISTORIESE GEGEWENS

1. Inleiding	36
2. Versameling van gegewens	36
3. Kwantitatiewe verhoudings	48
4. Gevolgtrekking	50

Hoofstuk 5 BEGROTINGS EN BEGROTINGSBEHEER

1. Inleiding	51
2. Begroting	52
3. Die Begrotingsprogram	53
4. Toepassing op die suiwelnywerheid	55

Hoofstuk 6 DIE PRODUKSIEBEGROTING

1. Inleiding	59
2. Die produksievolumebegroting	59
3. Die produksiekostebegroting	66
4. Samevatting	68

Hoofstuk 7 ANDER BEGROTINGS

1. Inleiding	69
2. Die verkoopbegroting	69
3. Die voorraadbegroting	71
4. Gevolgtrekking	72

Hoofstuk 8 SAMEVATTING

1. Inleiding	73
2. Kunsoplossings	73
3. Resultate	73
4. Ten slotte	75

BYLAES:

- A. Openbare maatskappye wat op die Effektebeurs genoteer word: netto winste uitgedruk as 'n persentasie van aandeelhoudersfondse wat uit uitgereikte aandeelkapitaal, reserwes en onverdeelde winste bestaan - 1955/56 tot 1961/62.
- B. Openbare maatskappye wat op die Effektebeurs genoteer word: Netto winste plus rente op alle lenings, uitgedruk as 'n persentasie van aandeelhoudersfondse plus alle lenings - 1955/56 tot 1961/62.
- C. Openbare maatskappye wat op die Effektebeurs genoteer word: voorkeurdiwidende as 'n persentasie van voorkeuraandele - kapitaal - 1955/56 tot 1961/62.
- D. Openbare maatskappye wat op die Effektebeurs genoteer word: verdeling van netto winste - 1955/56 tot 1961/62.
- E. Prysindexe van landbouprodukte en -masjinerie - 1947/48 tot 1961/62.

INLEIDING EN DOEL

1. Inleiding

a. Inleidende opmerkings

Ten einde 'n beter insig te verkry in die probleem van beheerde be-
marking van suiwelprodukte, is dit vooraf nodig om kortliks die ont-
wikkeling van die suiwelnywerheid en die funksies van die Suiwelraad
te skets. In hierdie verband het daar in die 1959/60-jaarverslag van
die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid, onder die opskrif
"Dertig jaar van Beheer", onder andere die volgende verskyn:-

b. Ontwikkeling van die Suiwelnywerheid

"Die fondament van die suiwelnywerheid in Suid-Afrika is teen die
einde van die negentiende eeu gelê, toe 'n paar klein plaasfabriekies
begin het om kaas in Oos-Kaapland te vervaardig. Die vordering was
egter maar baie stadig, en teen die jaar 1915 het die totale kaas-
produksie van die Unie vir die eerste keer die kerf van eenmiljoen
pond oorskry.

Die eerste botterfabriek is in die jaar 1890 in die distrik Bedford,
ook in Oos-Kaapland, opgerig. Kort daarna is fabriek in Natal, die
Vrystaat en Transvaal opgerig, en teen 1915 het die jaarlikse produksie
sowat 6 miljoen pond beloop.

Toe die Eerste Wêreldoorlog in 1914 uitbreek het, was die Unie nog
verplig om ongeveer 25% van sy botter- en 85% van sy kaasbenodigdhede
in te voer. Die vinnige styging in pryse gedurende en net ná hierdie
oorlog het die suiwelproduksie geweldig opgeskuif, met die gevolg dat
botter en kaas reeds gedurende 1918 uitgevoer is. Sedertdien het die
produksie van suiwelprodukte teen 'n bestendige tempo toegeneem, be-
halwe gedurende droogtejare. Gedurende die afgelope jaar was daar in
die Unie byvoorbeeld 45 botterfabriekes wat 93 miljoen pond botter ge-
produseer het; 55 kaasfabriekes wat 32 miljoen pond kaas geproduseer
het en 17 kondensmelk- en melkpoeierfabriekes wat 78 miljoen pond
kondensmelk en melkpoeier geproduseer het. Die botter- en kaasfabriekes

alleen het meer as 700 blankes en oor die 2,000 nie-blankes in diens gehad. Die vervaardigers van botter, kaas, kondensmelk en melkpoeier het gedurende die jaar byna £19,000,000 aan produsente van bottervet en nywerheidsmelk uitbetaal."

Hierdie syfers het betrekking op die jaar 1959/60. Die jongste beskikbare syfers (die vir jaar 1961/62) toon die volgende:
 Botterfabrieke 45; botterproduksie 104 miljoen pond;
 kaasfabrieke 54; kaasproduksie 34 miljoen pond;
 kondensmelkfabrieke en melkpoeierfabrieke 19; kondensmelk- en melkpoeierproduksie 75½ miljoen pond; waarde van bottervet en nywerheidsmelk van produsente ontvang: 36 miljoen rand.

"Indien 'n vergelyking tussen die produksie-indekse van suiwel- en ander landbouprodukte getref word, is dit duidelik dat suiwelproduksie gedurende die jongste aantal jare na verhouding die meeste toegeneem het. Indien die tydperk 1936/37 tot 1938/39 as basis geneem word en gelyk gestel word aan 100, was die produksie-indekse van die vernaamste landbouprodukte gedurende die afgelope drie jaar soos volg:-

TABEL I

	<u>1957/58</u>	<u>1958/59</u>	<u>1959/60</u>
Mielies	145	158	152
Koring	202	158	185
Wol	116	119	119
Geslagte beeste	178	175	193
Geslagte skape	104	111	122
Geslagte varke	208	176	164
Suikerriet	194	231	204
Varsmelk	270	277	285
Suiwelprodukte	221	223	243

2. Beheer deur die Suiwelraad

In Hoofstuk 1 word die totstandkoming en funksies van die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid (hierna die "Raad" genoem) breedvoerig bespreek. Een van die vernaamste funksies van die Raad is die vas-

stelling van pryse vir sowel primêre as sekondêre produkte en die vervaardigingsmarges van fabrieksbotter en fabriekskaas van die cheddar- en goudatipe.

a. Die vorm wat die vasstelling van pryse en vervaardigingsmarges aanneem

(1) Beheer oor pryse van die primêre produkte

Die Raad stel van tyd tot tyd die minimum pryse vas wat aan produsente betaal moet word vir bottervet en kaasmelk wat aan vervaardigers van botter en kaas gelewer word. Die heersende vasgestelde pryse, wat op 1 November 1962 in werking getree het, is soos volg:-

TABEL II

<u>Bottervet:</u>	Eerstegraad	29c per pond
	Tweedegraad	27c " "
	Derdegraad	25c " "
<u>Kaasmelk:</u>	138c per 100 pond melk wat 3.5% toets	

In die geval van kaasmelk, wat op 'n gehaltegrondslag aangekoop word, word die prys per 100 pd. melk met 3c verhoog of verminder vir elke .1% respektiewelike verandering van die bottervetinhoud van die melk bo of onder die basiese 3.5%.

Benewens die basiese prys moet aan produsente ook 'n winterpremie betaal word op hul lewerings gedurende die wintermaande. Volgens die jongste vasstelling is die volgende winterpremies van toepassing op die huidige seisoen:-

TABEL III

	<u>Bottervet</u> <u>c per pd.</u>	<u>Kaasmelk</u> <u>c per 100 pd.</u>
Oktober 1962	3	15
Junie 1963	3	15
Julie tot September 1963	5	25

(2) Beheer oor die groot- en kleinhandelspryse van die sekondêre produkte

Die Raad stel ook van tyd tot tyd die pryse vas waarteen botter en kaas aan (i) handelaars en (ii) die uiteindelijke verbruikers verkoop mag word. Gerieflikheidshalwe word net die groothandelsprys vasgestel en aan handelaars 'n spelingsruimte daarbo toegelaat, welke ruimte tans nie die maksimum van onderskeidelik 2.5 en 4 sent per pond botter en kaas mag oorskry nie.

Die groothandelspryse van botter en kaas, wat reeds sedert 1 Desember 1961 in werking is, is soos volg :-

TABEL IV

<u>Botter:</u>	Keur	27.5c/pd.	<u>Kaas:</u>	Eerstegraad	24c/pd.
	Tafel	25c/pd.		Tweedegraad	23c/pd.
	Huis	23.5c/pd.		Derdegraad	21c/pd.

(3) Beheer oor die marge wat tussen die vasgestelde pryse van die primêre en die sekondêre produkte lê (totale marge)

Met inagneming van die verwagte opbrengs en graaddistribusie, wat later breedvoerig bespreek word, is bereken dat die verskil tussen wat vervaardigers vir die primêre produk moet betaal en wat hulle vir die sekondêre produk ontvang, vir die 1962/63-seisoen onderskeidelik 3.380c en 8.699c per pond botter en kaas bedra. Hierdie totale marge word, in die geval van botter, aangevul deur 'n staatsubsidie van 4.314c, om dit op 7.694c per pd. te staan te bring. As deel van sy beheermaat-reëls bepaal die Raad hoe hierdie totale marge verdeel moet word tussen (a) fabrikante, (b) die Raad en (c) die bedryf as sodanig. Vir die 1962/63-seisoen is die voorlopige verdeling soos volg:-

TABEL V

	<u>Botter</u> c per pd.	<u>Kaas</u> c per pd.
(a) <u>Fabrikante (fabrikantemarge):</u> (koste van verwerking en rente op kapitale belegging)	3.541	4.089
(b) <u>Die Raad (beheermarge):</u> (Verkoop- en administratiewe koste)	1.823	2.148
(c) <u>Die Bedryf (heffingsmarge):</u> (o.a. winterpremies vir produsente en bydraes tot die Stabilisasiefonds)	2.330	2.462
TOTALE MARGE	<u>7.694</u>	<u>8.699</u>

3. Doel van die studie

a. Oorwegings by prys- en margevasstellings

Dit is duidelik dat, in sy taak om pryse en marges vas te stel, die Raad hom moet laat lei deur vele oorwegings. Veral belangrik is die feit dat besluite van hierdie aard moet berus op 'n deeglike kennis van die verlede en 'n realistiese beraming vir die toekoms. Om hierdie probleem beter te kan begryp, is dit wenslik om 'n paar van die oorwegings waaraan die Raad aandag moet skenk, kortliks te behandel.

(1) Algemeene oorwegings

Dit is vanselfsprekend nie moontlik om elke vasstelling afsonderlik te oorweeg nie, aangesien 'n geheel gevorm word waarin alle vasstellings onderling verwant is en elkeen deur die ander beïnvloed word. So kan bv. nie afsonderlik besluit word om 'n prysverhoging van die primêre produk teweeg te bring sonder om die invloed daarvan op die prys van die sekondêre produk en die totale marge in aanmerking te neem nie. Afgesien dus van die spesiale oorwegings wat slegs by die afsonderlike vasstellings geld, is daar ook algemene oorwegings wat by alle vasstellings 'n rol speel. Die volgende is 'n paar voorbeelde hiervan:

(a) Produksievolume

Die volume produksie is van belang vir sowel die produsent as die fabrikant, want as gevolg van die absorpsie van vaste koste sal dit die eenheidskoste van primêre en sekondêre produkte beïnvloed. Dit speel dus 'n belangrike rol in die vasstelling van die prys van die primêre produk en ook in die vasstelling van die fabrikantemarge.

Voorts behoort die produksievolume ook as 'n belangrike oorweging te geld by die vasstelling van die pryse van die sekondêre produkte, want daar moet rekening gehou word met die afset van die totale produksie en die rol wat vraag en aanbod in dié verband speel. Waar die vraag in hierdie geval die veranderlike faktor is - aangesien prys en aanbod vas is - moet by prysvasstelling in ag geneem word dat die prys in 'n groot mate die vraag gaan bepaal.

Vir die doeleindes van vasstelling is dit dus nie alleen nodig om te weet wat die produksievolume vir die afgelope seisoen was nie - 'n syfer wat sonder veel moeite verkry kan word - maar is dit veral nodig om te weet wat die produksievolume vir die seisoen ten opsigte waarvan die vooruitvasstelling gemaak word, gaan wees.

(b) Verkoopsamestelling

Samehangend met die produksievolume is daar die probleem van verkope van die produksie. Sowel botter as kaas is uiters bederfbare produkte wat alleen onder verkoeling opgeberg kan word, wat meebring dat opbergingskoste die totale koste van die produk in so 'n mate beïnvloed dat gepoog moet word om die totale produksie so spoedig moontlik van die hand te sit, al is dit in sommige gevalle teen pryse wat laer is as die eenheidskoste. Dit bring mee dat die Raad, by die vasstelling van die pryse van die sekondêre produkte, moet weet hoeveel daarvan teen 'n verlaagde prys verkoop sal moet word, wat op sy beurt sal afhang van die verhouding tussen produksie en plaaslike verbruik.

Maar oorweging van die verkoopvooruitsigte is nie alleen van belang by die prysvasstelling van die sekondêre produk nie, maar ook by dié van die primêre produk. Die prysvasstelling van die primêre produk is die

enigste wyse waarop die Raad die produksievolume enigsins kan beheer om aan te pas by die minder veranderlike binnelandse vraag. 'n Lae produ-senteprys sal neig om produksie te ontmoedig, terwyl 'n gunstige prys weer stimulerend op die produksievolume sal inwerk.

Dit blyk dus dat kennis van die verkoopresultate van die afgelope seisoen, en veral 'n realistiese beraming van wat die verkoopsamestelling vir die volgende seisoen sal wees, eweneens 'n belangrike deel uitmaak van die data waarop prysvasstellings berus.

(2) Spesifieke oorwegings

(a) Produksiekoste van die primêre produkte

Dit sou buitengewoon wees vir 'n raad om die prys van 'n produk vas te stel sonder om die produksiekoste daarvan in aanmerking te neem. Onder normale omstandighede, wanneer die verhouding tussen vraag en aanbod gunstig is, behoort produksiekoste 'n groot rol te speel in prysbepaling, want dan behoort die vernaamste oogmerk te wees om aan produsente 'n redelike vergoeding op hul ondernemersfunksie te verseker, terwyl verbruikers 'n redelike prys vir die produk betaal. Onder ongunstige omstandighede is dit soms nodig om pryse vas te stel op 'n peil wat laer as die produksiekoste is, maar selfs dan is 'n kennis van wat die produksie-koste is en gaan wees, nog absoluut noodsaaklik.

(b) Fabrikantekoste

Om aan fabrikante 'n bestaanbare marge te verseker, is dit nodig om deeglike rekening te hou met die koste wat deur hulle aangegaan word om die primêre produk te verwerk tot sy finale vorm. Ook hier is nie alleen 'n kennis van die gedetailleerde koste van die afgelope seisoen nodig nie, maar ook 'n gefundeerde beraming van wat die koste in die volgende seisoen ten opsigte waarvan die vasstelling gemaak word, gaan wees. Deeglike oorweging moet natuurlik geskenk word aan die beraamde produksievolume vir die betrokke seisoen.

(c) Koste van die Raad

In die uitoefening van sy funksies van bemarking en beheer moet die Raad noodwendig sekere koste aangaan, waarvoor voorsiening gemaak moet word in daardie afdeling van die totale marge wat bekend staan as die beheermarge. Hierdie koste sal 'n regstreekse invloed uitoefen op die

voorsiening wat daar vir die totale marge gemaak moet word, en daarom is dit nodig om te weet wat die koste gaan wees vir die periode waarop die vasstelling betrekking gaan hê.

(d) Staatsubsidie

Die subsidie, wat in die geval van botter dien ter aanvulling van die totale marge, was tot onlangs, onderworpe aan 'n vasgestelde maksimum, die balanserende syfer vir die totale marge. Dit het meegebring dat daar, ná die vasstelling van die pryse van die primêre en die sekondêre produk en die vasstelling van die drie marges waaruit die totale marge bestaan, bepaal moes word in welke mate die verskil tussen die koste van die primêre produk en die opbrengs van die sekondêre produk onvoldoende was om die drie marges te finansier, en hierdie tekort moes dan by wyse van subsidie van die Regering geëis word. Die volgende voorbeeld van die finale vasstellings vir 1961/62 dien ter illustrasie:-

TABEL VI

	<u>c per pd.</u>	<u>c per pd.</u>
Botterrealisering		32.024
<u>Min koste van bottervet</u>		<u>26.591</u>
Beskikbaar vir totale marge		5.433
<u>Benodig vir totale marge:</u>		
Fabrikantemarge	3.414	
Beheermarge	1.724	
Heffingsmarge	<u>.968</u>	
Totaal benodig	6.106	
Tekort (subsidie)	<u> </u>	<u>.673</u>
	<u>6.106</u>	<u>6.106</u>

Volgens die nuwe beginsel van berekening, wat vanaf die 1962/63-seisoen in werking getree het, is hierdie subsidie nie meer die balanserende syfer vir die totale marge nie maar word 'n vaste bedrag jaarliks by wyse van 'n verbruikerssubsidie, gebaseer op die binnelandse verbruik van botter, aan die bedryf toegestaan. 'n Breedvoeriger bespreking word in 'n latere hoofstuk hieraan gewy.

Ongeag die wyse van berekening van die subsidie is dit duidelik dat, nie alleen vir die Raad as sodanig nie, maar ook vir die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, wat beheer oor die subsidie uitoefen, hierdie subsidie en die berekenings waarop dit gebaseer is, 'n uiters belangrike oorweging is. Veral waar die vasstelling van die subsidie vir 'n bepaalde seisoen aan die begin van die seisoen bereken en goedgekeur word, moet die basis waarop die berekenings gegrond word, sover moontlik op suiwer wetenskaplike beginsels berus, wat geen plek laat vir raaiwerk en wensdenkery nie.

Behalwe die voorgenoemde, wat as 'n paar van die primêre oorwegings beskou kan word, is daar nog sekere sekondêre oorwegings, bv. die sterkte van die stabilisasiefonds, die vooruitsigte van die bedryf in toekomstige jare, die invloed van pryse van ander landbouprodukte op die produksie van suiwelprodukte, asook vele ander wat nie in hierdie stadium vermelding vereis nie.

4. Probleemstelling

Soos aanvanklik beweer is en soos gaandeweg geblyk het uit die bespreking van 'n paar voorbeelde van die oorwegings waaraan die Raad aandag moet skenk by die vasstelling van pryse en marges, moet besluite van hierdie aard berus op 'n deeglike kennis van die verlede en 'n realistiese verwagting vir die toekoms. Die doel van hierdie studie is dan ook om 'n wetenskaplike metode te vind waarvolgens kennis van die verlede versamel en verwerk, maar veral waarop die verwagtings vir die toekoms gebaseer kan word - 'n taak waartoe die Kosteberekening as wetenskap hom by uitstek leen.

5. Indeling van die Studie

Die probleem om by die beheerde bemarking van suiwelprodukte 'n wetenskaplike metode te vind waarvolgens gegewens van historiese aard versamel en verwerk, en waarop verwagtings vir die toekoms gebaseer kan word, sal op die volgende wyse aangepak word:-

a. Gemeenskaplike koste

Omdat die hele probleem een van gemeenskaplike koste is, sal daar eerstens, in Hoofstuk 2, 'n bespreking aan hierdie onderwerp gewy word, met toe-

passings op die suiwelnywerheid. In hierdie bespreking sal veral aandag geskenk word aan die plek en doel van koste in die hedendaagse bedryfslewe, met spesiale verwysing na die verskille tussen die Angel-Saksiese en die Normatiewe benaderings van die kosprysprobleem.

b. Gebruike van historiese gegewens

In Hoofstuk 3 sal die wyses waarop historiese gegewens gebruik word ter verwesenliking van die uiteindelijke doel, bespreek word. 'n Faktor wat in hierdie verband 'n baie belangrike rol speel nl. die tydfaktor, en sy invloed op die bruikbaarheid van historiese gegewens, sal breedvoerig bespreek word.

c. Versameling van historiese gegewens

Hoofstuk 4 sal die probleem van versameling van historiese gegewens en alle aspekte wat daarmee in verband staan, bespreek word. Daar sal aangetoon word in welke mate die Rekeningkunde in hierdie verband 'n bydrae lewer en hoe 'n elementêre kostestelsel in die behoeftes kan voorsien. Voorts sal die verbesonderings wat in sommige gevalle gedoen moet word, asook die kwessie van nowe- en byprodukte kortliks bespreek word.

d. Begrotings en begrotingsbeheer

As 'n oplossing vir die probleem om 'n realistiese verwagting vir die toekoms te kan opbou, word in Hoofstuk 5 die gebruik van begrotings bespreek. Daar sal aangetoon word in welke mate begrotingsprosedures vir die betrokke geval moet afwyk van die konvensionele begrotingsmetodes, en hoe begrotings gebruik kan word om die besondere doel te dien.

e. Die produksiebegroting

In Hoofstuk 6 word die produksiebegroting as basis vir die begrotingstelsel behandel, met besondere aandag aan die praktiese prosedure by die opstelling daarvan en die voor- en nadele van die verskillende benaderings. As voorbeeld word die 1962/63-produksiebegroting vir botter in besonderheid behandel.

f. Ander begrotings

Die ander begrotings wat deel van die begrotingstelsel uitmaak, word in Hoofstuk 7 bespreek. Hieronder ressorteer die verkoop-, verkoopkostehettings- en ander begrotings. Daar sal aangetoon word in welke mate hierdie begrotings afhanklik is van, en beïnvloed word deur die produksiebegroting.

Hoofstuk 1

TOTSTANDKOMING EN FUNKSIES VAN DIE SUIWELRAAD

Paragrafe 1 tot 3 van hierdie hoofstuk word aangehaal uit die 1959/60-jaarverslag van die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid.

1. Inleiding

"Uit die gegewens wat in die inleiding verstrekk is, blyk dit in welke mate die suiwelnywerheid gegroei het en watter belangrike rol die suiwelbedryf vandag in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel. Geen bedryf ontwikkel egter sonder dat hy met probleme te kampe kry nie. Die suiwelbedryf is geen uitsondering op hierdie reël nie, en dit is belangrik om te weet welke probleme aanleiding gegee het tot die instelling van statutêre beheer gedurende 1930.

Die eerste wetgewing rakende die suiwelbedryf is reeds in 1918 in die Unie aangeneem - die sg. Suiwelnywerheid Wet - maar hierdie wet het slegs bepalings in verband met die tegniese aspekte van die suiwelnywerheid bevat, soos byvoorbeeld die registrasie van fabriekspersoneel, die handhawing van higiëniese standaarde en die suiwerheid, samestelling en gehalte, asook die verpakking, merk en gradering van suiwelprodukte .

Soos reeds gemeld, het die stimulus van hoë pryse produksie dermate aangemoedig dat botter en kaas vanaf 1918 uitgevoer moes word. Met die ekonomiese insinking van 1922 het die bedryf egter 'n ernstige terugslag ondervind, wat eers na etlike jare te bowe gekom kon word. Botterfabrieke het swaar verliese gely, en bottervetpryse het in 1922 gedaal tot so laag as 5d. en 6d. per pond, in vergelyking met 30d. gedurende 1919. Boere het weer begin om plaasbotter te vervaardig, pryse op die oorsese mark het kwaai geskommel en dit het geskyn asof die toekoms van die nywerheid in gevaar verkeer.

2. Regeringsmaatreëls

Die Regering het die erns van die toestand besef en die Raad van Handel en Nywerheid in 1925 opdrag gegee om die posisie te ondersoek ten einde 'n oplossing vir die probleme te vind. Die Raad het 'n omvattende opname gemaak en o.m. bevind dat -

- a. daar geen koördinering van toevoer, vervaardiging en distribusie in die nywerheid as geheel was nie;
- b. die buitensporige hoë vervaardigingskoste van botter- en kaasfabrieke die hooforsaak was van onstandvastigheid in die nywerheid en van die onvermoë om op oorsese markte mee te ding;
- c. daar ongesonde mededinging en vyandigheid tussen die verskillende belange in die suiwelnywerheid geheers het wat tot die oprigting van 'n groot aantal oortollige botter- en kaasfabrieke sowel as depots aanleiding gegee het;
- d. ongewenste praktyke in die bedryf voorgekom het, soos bv. die aanlokking van verskaffers deur middel van verkeerde gradering van room en die vervoer van room oor buitensporige lang afstande omdat fabrieke self die vervoerkoste betaal het.

Ten einde die nywerheid op 'n gesonde grondslag te plaas, het die Raad van Handel en Nywerheid gevolglik in 1927 aanbeveel dat daar 'n Raad van Toesig aangestel word om die primêre produksie, vervaardiging en bemarking van suiwelprodukte te koördineer. Die Raad sou die bevoegdheid hê om heffings op te lê, fabrieke te registreer en die algemene welvaart van die bedryf te bevorder. Dit was egter die groot ophoping van groot surplusse botter en kaas vanaf 1928 tot 1930, gepaard met die algemene daling in wereldpryse, wat die invoer van statutêre beheer verhaas het, en in 1930 is die Wet op die Beheer van die Suwelnwywerheid (Wet No. 35 van 1930) aangeneem.

Die Raad van Toesig op die Suwelnwywerheid is kragtens hierdie wet ingestel en met die volgende bevoegdhede bekleed:-

- a. om heffings op botter en kaas op te lê;
- b. om 'n uitvoerpremie te betaal op botter en kaas wat uitgevoer word;
- c. om maatreëls uit te vaardig met betrekking tot die uitvoer van botter en kaas en om beheer te aanvaar oor alle uitvoere van hierdie produkte;

- d. om heffingsgelde te bestee om 'n groter verbruik van suiwelprodukte aan te moedig en om oor die algemeen die ontwikkeling en verbetering van die suiwelnywerheid te bewerkstellig;
- e. om sover moontlik die primêre produksie, vervaardiging en bemarking van suiwelprodukte te koördineer, en
- f. om minimum pryse vir primêre produkte vas te stel waar die Raad oortuig is dat die bestaande pryse uitermate laag is.

Hierdie bevoegdhede het die Raad in staat gestel om leiding aan die nywerheid te gee, en deur die reëling van die uitvoer het hy in 'n groot mate daarin geslaag om die binnelandse mark op 'n gesonde grondslag te plaas. Binnelandse pryse kon alleen gehandhaaf word met behulp van 'n tariefmuur of deur 'n algehele verbod op invoere. Die Raad het dan ook nie toegelaat dat enige botter die Unie binnekom nie, behalwe wat hy self ingevoer het om 'n tekort in die Unie te dek. Sodanige botter was onderworpe aan die betaling van 'n invoerbelasting van $2\frac{1}{4}$ d. per pond, behoudens 'n rabat van 2d. per pond op kaassoorte wat nie in die Unie vervaardig is nie.

Nieteenstaande die pogings van die Raad om plaaslike verbruik aan te moedig, het die toename in verbruik nie tred gehou met die steeds stygende produksie nie, en in 1935 het die Raad met geldelike steun van die Regering die Staatsondersteunde Melk- en Botterskema van stapel gestuur in 'n poging om in die Unie self 'n afsetgebied te vind vir die oorskotte wat andersins op die Londense mark teen 'n prys laer as die produksiekoste daarvan verkoop sou moes word.

Hoewel die Raad, met die bevoegdhede waarmee hy bekleed is, 'n sekere mate van sukses behaal het met betrekking tot die stabilisasie van die nywerheid, was hy nie by magte om die volgende vraagstukke aan te pak nie:

a. Spekulasie

Die Raad was nie gemagtig om pryse vas te stel nie, en as gevolg van die verskil tussen somer- en winterpryse het spekulasie algemeen voorgekom.

b. Groothandeldistribueerders

Die Raad was nie gemagtig om groothandeldistribueerders te beïnvloed ten opsigte van kommissiekoerse en rabatte op verkopings nie.

c. Rasionalisering van distribusie

Die Raad was nie gemagtig om binnelandse distribusie te rasionaliseer en uitvoer vanaf die geskikste punte te bewerkstellig nie.

d. Vervoerkoste van primêre produkte

Die Raad was nie gemagtig om fabriek te belet om hierdie koste self te dra nie, met die gevolg dat oorvleueling van roetes algemeen voorgekom het en room oor geweldige afstande versend is.

Gedurende 1934 het die Kommissie van Onderzoek na Koöperasie en Landboukrediet o.m. aanbeveel dat die bevoegdhe van die Raad uitgebrei word. 'n Konsoliderende wetsontwerp in hier voege, wat ook prysvasstelling sou insluit, is in 1937 ingedien, maar met die aanneme van die Bemerkingswet in dieselfde jaar het dit verval.

In Augustus 1939 is die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid opnuut kragtens die Bemerkingswet saamgestel en met sodanige bevoegdhe bekleed as wat noodsaaklik geag is om die moeilikhe waarmee die vorige Raad te kampe gehad het, die hoof te bied. Die bevoegdhe van die Raad is uitgebrei om o.m. prysvasstelling, die regulering van die binnelandse bemerking van suiwelprodukte en die registrasie van fabriek in te sluit. Die Suiwelproduktebemarkingskema is in 1954 herontwerp en in gekonsolideerde vorm by Proklamasie No. 183 van 1954 afgekondig. Dit het tans betrekking op fabrieksbotter, fabriekroom, plaasbotter, plaasmelkerybotter, fabriekskaas, kaasmelk, plaaskaas, proseskaas, kondenseermelk, afgeroomde melk, kondensmelk, droëmelk, melkpoeier en afgeroomde melkpoeier.

3. Huidige funksies van die Raad

Die vernaamste funksies van die Raad is tans :-

a. om die pryse van produkte onder sy beheer vas te stel. Dit sluit in die vasstelling van :-

- (1) die pryse van bottervet, kaasmelk en kondenseermelk;
- (2) vervaardigingsmarges vir botter en kaas;
- (3) groothandelverkooppryse vir fabrieksbotter en fabrieks-
en plaaskaas, en
- (4) maksimum kleinhandelverkooppryse vir fabrieksbotter,
fabriekskaas en plaaskaas;

b. om die verkoop van alle fabrieksbotter en fabriekskaas wat in die Republiek vervaardig word en wat uit Suidwes-Afrika en die Protektorate Betsjoeanaland en Swaziland in die Republiek ontvang word, te reguleer;

c. om poele vir die gelykmaking van die opbrengs van, en die onkoste aangegaan in verband met die verkoop van botter en kaas deur middel van die Raad, daarop na te hou;

d. om alle fabrikante te registreer, en

e. om alle moontlike stappe te doen om die algemene welvaart van die bedryf te bevorder."

4. Afbakening

Vir die doeleindes van hierdie studie sal hoofsaaklik aandag geskenk word aan die probleme wat die Raad ondervind in die uitvoering van die funksies uiteengesit in paragraaf 3 a. hierbo, in soverre dit betrekking het op die vasstelling van pryse en marges vir fabrieksbotter en fabriekskaas van die cheddar- en die goudatipe (hierna "botter" en "kaas" genoem) omdat dit die enigste produkte is waarvan die vervaardiging en bemerking ten volle beheer word.

Hoofstuk 2

GEMEENSKAPLIKE KOSTE - BEGRIPSBEPALING

1. Sekere kostebegrippe

Voordat aandag aan die vraagstuk van gemeenskaplike koste geskenk kan word, is dit nodig om vooraf sekere kostebegrippe te behandel. In hul boek gee A.J.E. Sorgdrager en F.P. Viljoen (Leerboek van die moderne kosprysadministrasie. Deel II - Potchefstroom 1962) met aanhaling uit die bekendste literatuur oor die onderwerp, 'n breedvoerige en volledige bespreking van die verskilpunte tussen die Angel-Saksiese en Normatiewe benadering van die kosprysadministrasie as sodanig. Terwyl hul werk, wat as 'n triomf vir die normatiewe siening van die moderne kosteberekening beskou kan word, meer teoreties van aard is, en terwyl dit onvanpas en onmoontlik sou wees om binne die bestek van een hoofstuk die teoretiese aspekte van hierdie onderwerp, met die nodige aanhalings te probeer herhaal, sal gepoog word om op 'n praktiese wyse slegs die verskilpunte in soverre dit 'n invloed op die vraagstuk van gemeenskaplike koste mag uitoefen, te bespreek.

a. Angel-Saksiese Begrippe

(1) Vir die meeste Angel-Saksiese skrywers vorm Kosteberekening 'n onderafdeling van die Rekeningkunde. Terwyl sommige skrywers dit nie in soveel woorde soos J.J.W. Neuner, (Cost Accounting, principles and practice-Illinois, 1957, bl. 3), sê nie, - "Cost Accounting is therefore an expanded phase of general or financial accounting of a business concern" - blyk hierdie uitgangspunt tog duidelik uit die inhoud van hul werk. Die komplikasies wat deur hierdie uitgangspunt meegebring word, is van fundamentele belang vir die hele benadering van die vak. As kosteberekening teen 'n rekeningkundige agtergrond gesien word, is dit moeilik om dit los te maak van die uitgaafgedagte wat die grondslag van die Rekeningkunde vorm. Dit laat die neiging ontstaan om die finansiële rekenkundige koste as basis vir besigheidsbesluite te aanvaar sonder om eers rekenskap te gee wat die inhoud van die begrip "koste" is. Hieruit ontstaan die begrip "actual costs" wat, in die lig van die uiteensetting wat in subparagraaf b hieronder gegee word, niks meer as 'n deursnee-offer kan wees nie. Die

verdere leer van die kosprys word hierdeur verhinder want daar word geen ruimte gelaat vir 'n ekonomiese inhoud van die begrip "koste" nie. Die kousale verband, wat 'n wesenlike deel van enige wetenskap vorm, word hierdeur sy regmatige plek ontsê. Hierin moet dan ook die rede gesoek word vir die agtergrond van die Angel-Saksiese benadering - die feit dat dit nie op wetenskaplike wyse aangepak word nie en daarom deurspek is met kunsmatighede en skynoplossings.

(2) Op die vraag wat koste is, word in die Angel-Saksiese literatuur 'n teenvraag gestel nl. "vir watter doel?". Die deursneemening word onomwonde deur I.W. Keller (Management accounting for profit control - New York, 1957, bl. 388) gestel waar hy prysvasstelling bespreek: "Costs to be used in setting sales prices will not necessarily be the same as any costs developed for any other purpose. It is a generally accepted principle of management accounting that different costs are required for different purposes, and costs for setting sales prices are no exception." Nadat A. Matz, O.J. Curry & G.W. Frank: (Cost Accounting - New York, 1957, bls. 7) hul definisie van kosteberekening gegee het, verklaar hulle: "In connection with the above definition it must be pointed out that the term 'cost' is most elusive." As aan die praktiese aspekte van die aangeleentheid gedink word, kan hierdie opvattinge nie anders as verwarrend wees nie. Hoe gaan 'n stelsel funksioneer waar daar vir elke doel 'n ander koste vereis word? Ook hierin ontbreek die wetenskaplike benadering en afronding.

b. Normatiewe begrippe

(1) In teenstelling met die rekeningkundige uitgang van Angel-Saksiese skrywers, het Nederlandse skrywers, w.o. Th. Limperg jr., A. Mey (Bedrijfsbegroting en bedrijfsbeleid- Leiden, 1951) en H.J. van der Schroeff (De leer van de kostprijs - A'dam, 1955) en, in Suid-Afrika, A.J.E. Sorgdrager, gepoog om aan die kostebegrip 'n meer wetenskaplike inhoud te gee deur dit by die Bedryfseconomie as normatiewe wetenskap te betrek. As deelwetenskap van die Bedryfseconomie word aan die kosprysadministrasie 'n meer ekonomiese betekenis gegee deur die kosprysbegrip te relateer aan die waardebegrip sonder om die tegniese aspekte uit die

oog te verloor.

Om die Kosteberekening totaal los te maak van die Rekeningkunde sou om klaarblyklike redes onwys wees. Terwyl die kosprysbegrip vir sy ekonomiese betekenis uit die normatiewe Bedryfseconomie put en ook sy status as wetenskap daaraan ontleen, wortel sy tegniese betekenis in die Rekeningkunde. Dit is normaal vir 'n jong wetenskap om uit verskillende bronne van reeds verwerfde kennis te put en om tot sy eie te maak dit wat ook binne sy terrein val.

Die verband tussen koste en waarde word deur Sorgdrager en Viljoen, (op cit. bl. 40) baie duidelik uiteengesit aan die hand van van der Schroeff (De evolutie van het kostenbegrip in de bedrijfseconomie - intreerede 1946, Amsterdam). Onderworpe aan die korrekte begrip van opgeofferde waarde, wat later uiteengesit sal word, word die kostebegrip deur hulle bepaal as: "Koste is die waarde-eenhede wat vir produksie opgeoffer moet word om nuwe waarde te kan verkry".

(2) Wat bied die normatiewe benadering van die moderne kosprys-administrasie in die plek van die Angel-Saksiese "different costs for different purposes"? A.J.E. Sorgdrager, (Die verbesondering van indirekte koste - Amsterdam 1961) gaan van die standpunt uit dat daar slegs een kosprys kan wees en nie meerdere kospryse nie. Hierdie kosprys bestaan uit die som van die koste wat vir die totstandkoming van die produk aangegaan moet word. Koste is op sy beurt weer doelmatig aangewende offers, terwyl verspilling die verskil tussen aangewende offers en doelmatig aangewende offers is. Die waarde-oordeel wat in alle gevalle geld, is die vervangingswaarde op die tydstip van die oorgang van die eiendomsreg na die koper van die produk. Ten einde die begrippe beter te kan verstaan, is dit wenslik om elkeen afsonderlik te behandel :-

(a) Offers

Offers is waarde wat opgeoffer moet word om nuwe waarde tot stand te bring. Die waarde-oordeel is, soos reeds gemeld, die vervangingswaarde van die offers. Nie alle offers word doelmatig aangewend nie en selfs van die doelmatig aangewende offers is sommige tegnies vermybaar.

Hierdie toestand ontstaan deurdat sekere tegnies vermybare offers om ekonomiese redes nie vermy word nie, omdat dit meer aan ander offers sou verg. Ons vind dus drie soorte van offers :-

- (i) Offers wat tegnies noodsaaklik is om nuwe waarde te vorm;
- (ii) Offers wat tegnies vermybaar is maar waarvan die vermyding ekonomiese nadele sal meebring;
- (iii) Offers wat tegnies vermybaar en ekonomies nie geregverdig is nie.

Die offers onder (i) en (ii) is doelmatig aangewende offers, aan ekonomiese standaarde gemeet, en kan daarom as koste beskou word, terwyl dié onder (iii) nie koste kan wees nie maar verspilling.

(b) Meer-verbruik en verspilling

Daardie offers wat tegnies vermybaar maar ekonomies geregverdig is, staan bekend as "meer-verbruik". Die offers wat sowel tegnies vermybaar as ekonomies ongeregverdig is, is verspilling. Die verskil tussen meer-verbruik en verspilling is dus suiwer ekonomies van aard, en 'n offer wat onder sekere ekonomiese omstandighede 'n verspilling mag wees, kan onder ander omstandighede as meer-verbruik - en derhalwe as koste - bestempel word.

'n Sprekende voorbeeld hiervan vind ons in die geval van offers deur fabrieke i.v.m. die vervoer van die primêre produkte nl. bottervet en kaasmelk teen tariewe wat nie lonend is nie. Dit is die beleid van die Raad om offers van hierdie aard nie as koste toe te laat nie, omdat dit vermybaar is. Waar die produksie-omvang van 'n fabriek egter regstreeks van die volume van primêre produkte wat ingeneem word, afhanklik is, en waar hierdie inname in 'n groot mate deur die beskikbaarheid en koste van vervoer bepaal word, mag dit vir die fabriek ekonomies geregverdig wees om die vervoer in 'n mate te subsidieer omdat die gevolglike verhoging in produksie-omvang en die gepaardgaande verlaging van die eenheidskoste as gevolg van die besparing van vaste koste, 'n besparing in totale offers mag teweegbring. Hierdie offers kan slegs as meer-verbruik bestempel word totdat, as gevolg van veranderde omstandighede met betrekking tot die volume en/of die waarde van die offers, die waarde van die meer-verbruik dié van die besparing oorskry. Ná bereiking van hierdie kruis-

punt vind verspilling plaas.

(c) Koste

Uit die voorafgaande is dit duidelik wat dan onder koste verstaan word. Op 'n ander wyse gestel, kan koste beskou word as die som van tegniese onvermygbare offers plus daardie tegniese vermygbare offers wat kwalifiseer om as meer-verbruik bestempel te word. Alle verdere offers is dan verspilling.

(d) Waarde

Soos reeds gemeld, moet 'n waarde aan alle offers wat in die produksieproses ingebring is, toegeken word, anders is dit vir die meeste van die doeleindes nutteloos. Sorgdrager en Viljoen (op cit., bl. 40 et seq.) wy 'n volledige bespreking aan hierdie onderwerp en kom tot die gefundeerde slotsom dat die enigste aanvaarbare waarde wat vir hierdie doel kan geld, die vervangingswaarde is. Hulle wys ook op die verwarring wat mag ontstaan tussen vervangingswaarde en vervangingsprys waar eersgenoemde die waarde van die offers op die tydstip van oorgang van die eiendomsreg van die voltooide produk op die koper is, terwyl laasgenoemde die prys is wat ten tyde van die werklike vervanging betaal moet word. Dit is vanselfsprekend dat werklike vervanging nie gelyktydig met verkoop van die produk plaasvind nie, en die verskil word dus deur die tydsfaktor bepaal.

Vgl. J.L. Meij: (Theoretische Bedrijfeconomie 1 - 's - Gravenhage, 1960, bl. 38). "De waarde van de opgeofferde hoeveelheid produktiemiddelen wordt bepaald door de prijs, waartegen zij op het moment van de ruil kunnen worden gekocht op de markt voor de goederen"

2. Gemeenskaplike en saamgevoegde koste

In die praktyk kom dit selde voor dat daar uit die produksieproses slegs een produk met 'n opbrengswaarde gelewer word. Dit sou alleen gebeur wanneer alle grondstowwe wat gebruik word, ten volle in die eindproduk opgeneem word, of waar daardie deel van die grondstowwe wat nie in die eindproduk opgeneem word nie, in die vorm waarin dit uit die produksieproses te voorskyn tree, geen opbrengswaarde het nie, of so 'n lae opbrengswaarde het dat dit nie meer as vergoed vir die offers wat gebring moet word om dit af te voer nie. In so 'n geval sal die stowwe as afval

bestempel kan word en is daar geen probleem van gemeenskaplike of saamgevoegde koste nie.

Meer dikwels vind ons egter dat daar wel meer as een produk met 'n opbrengswaarde gelewer word, die rede waarvoor gesoek moet word in tegniese en/of ekonomiese oorwegings. In so 'n geval is dit noodsaaklik om te onderskei tussen die tegniese en die ekonomiese oorwegings wat vir die gesamentlike produksie verantwoordelik is, omdat daarvolgens bepaal moet word of dit 'n geval van gemeenskaplike of van saamgevoegde produksie is, wat weer elk op hul beurt 'n verskillende benadering van die kosprysprobleem vereis.

a. Tegniese oorwegings by gesamentlike produksie

As gevolg van die eienskappe van grondstowwe wat gebruik word in die produksieproses en ook as gevolg van die proses self, is die ontstaan van ander produkte as die hoofproduk soms tegnies onvermybaar. Ekonomiese oorwegings sal bepaal of hierdie ander produkte wat ontstaan, as byprodukte of afval bekend sal staan. Waar produkte wat weens tegniese onvermydelikheid ontstaan, se opbrengswaarde met mekaar meeding, sal ekonomiese oorwegings ook bepaal welke van hulle as die hoof- en welke as die byproduk bekend sal staan. Ongeag ekonomiese oorwegings kan egter verklaar word dat, waar gesamentlike produksie as gevolg van tegniese oorsake ontstaan, ons met gemeenskaplike produksie te doen het.

In die suiwelnywerheid vind ons baie voorbeelde van gemeenskaplike produksie. As gevolg van die eienskappe van room, wat as grondstof vir bottervervaardiging gebruik word, is dit onvermydelik dat daar, benewens botter, ook karringmelk in die produksieproses sal ontstaan. By die vervaardiging van kaas is die gemeenskaplike byproduk weer wei.

b. Ekonomiese oorwegings by gesamentlike produksie

Soos in die voorafgaande paragraaf gemeld, sal ekonomiese oorwegings bepaal of sekere van die produkte wat uit gemeenskaplike produksie ontstaan, as byprodukte of afval bekend sal staan. Voorts bepaal ekonomiese oorwegings ook welke van die produkte wat uit die gemeenskaplike produksieproses ontstaan, as hoof-, en welke as byprodukte geklassifiseer sal word. Dit is dan die ekonomiese oorwegings wat geld by gemeenskaplike produksie

en wat ondergeskik is aan die tegniese oorwegings.

Benewens gemeenskaplike produksie vind ons egter ook gesamentlike produksie wat om bloot ekonomiese oorwegings geskied, waar tegniese aspekte nie verantwoordelik is vir die ontstaan van die meerdere produkte nie. So, byvoorbeeld, kan 'n kaasfabriek ook melkpoeier vervaardig omdat dit meer ekonomies is om sekere van sy duursame produksiemiddels bv. stoomopwekkingsmasjiene, ook vir die vervaardiging van 'n ander produk te gebruik en sodoende die kostebesparende invloed van saamgevoegde kapasiteit te benut. Terwyl tegniese eienskappe dit moontlik maak, is dit die ekonomiese oorwegings wat in hierdie geval die deurslag gee en kan hier van saamgevoegde produksie gepraat word.

c. Gemeenskaplike koste

Terwyl die begrip "Gemeenskaplike produksie" nou afgebaken is, kan gemeenskaplike koste gedefinieer word as die koste verbonde aan gemeenskaplike produksie. Gemeenskaplike produksie en koste lewer dan ook dadelik 'n verdelingsprobleem, want slegs deur middel van verdeling van die gemeenskaplike koste kan tot 'n benaderde kosprys vir elk van die produkte geraak word. Van verbesondering kan daar in hierdie verband geen sprake wees nie, want teoreties kan slegs die gemeenskaplike koste van die gemeenskaplike produkte in hul totaliteit bepaal word. Terwyl die vraagstuk van verdeling teoreties onoplosbaar is, kan daar wel 'n prakties aanvaarbare verdeling plaasvind, die metode waarvan sal afhang van die besondere omstandighede van elke geval.

Sorgdrager en Viljoen (op cit., bl. 77 et seq.) verdeel die metodes wat gebruik kan word in twee hoofgroepe.

"(1) Die verdeling van die gemeenskaplike koste oor al die produkte. Dit kan weer onderverdeel word

(a) Die gemeenskaplike koste word verdeel in verhouding tot die opbrengswaarde van die produkte, en dit kan weer onderverdeel word in:

- (i) die verhouding van die verkoopprijs per eenheid-produk;
- (ii) die verhouding van die totale opbrengswaarde van al die produkte.

(b) Die verdeling van die gemeenskaplike koste volgens tegniese maatstawwe, d.w.s. volgens die hoeveelheid per produk wat vervaardig word.

(2) Waar die aandeel van die gemeenskaplike koste van een of meer produkte vasgestel moet word. Dit kan verdeel word:

(a) Waar daar een hoofproduk is en die opbrengswaarde van die onder-produkte aanvaar en afgetrek word van die hoofproduk.

(b) Die bepaling van die gemeenskaplike aandeel in die gemeenskaplike koste van enige produk met die verdeling van die aandeel oor die ander produkte volgens metodes in groep 1."

Aangesien die hele aangeleentheid van verdeling van gemeenskaplike koste teoreties nie verder gevoer kan word nie, en aangesien die toepassing van enige van die bogenoemde metodes, hoe aanvaarbaar dit ook al mag wees, slegs 'n skynoplossing sal bly, is dit m.i. verkeerd om die voor- en nadele van enige van hierdie metodes te bespreek tensy dit aan die hand van 'n bepaalde voorbeeld geskied. Die hele vraagstuk is van so 'n aard dat 'n metode wat in die een geval 'n aanvaarbare oplossing bied, in 'n ander geval slegs nadele kan bied, en andersom.

Verdelingsprobleme wat hulle by die gemeenskaplike produksie van botter sowel as van kaas voordoën, is taamlik elementêr van aard. By botter is die enigste byproduk karringmelk, wat as sodanig 'n opbrengswaarde het, terwyl die opbrengswaarde aan die anderkant nie so hoog is dat dit met botter kan meeding om sy posisie as hoof- en moontlike kalkulasieproduk nie. By kaas en sy byproduk wei vind ons presies dieselfde posisie. Karringmelk en wei word hoofsaaklik as voedsel vir varke gebruik, maar dit kan ook in dieselfde fabriek verder verwerk word tot karringmelk- of weipoeier. Wei kan ook nog afgeskei word om weiroom en afgeroomde wei te lewer, en afgeroomde wei kan ook vir weipoeier of voedsel vir varke gebruik word, terwyl die weiroom vir die vervaardiging van botter gebruik word. Sodra hierdie byprodukte, wat in hul oorspronklike vorm wel 'n opbrengswaarde het, verder verwerk word, ontstaan daar saamgevoegde produksie en koste wat op hul beurt verbesonderingsprobleme meebring. Terwyl dit buite die bestek van hierdie studie val om breedvoerig in te

gaan op die verbesondering van saamgevoegde koste, wat op sigself 'n breë studieveld is, word die probleme van verbesondering wat hieruit voortspruit, voorlopig daargelaat.

Waar die byproduk van botter, nl. karringmelk, in sy oorspronklike vorm wel 'n opbrengswaarde het, word daardie opbrengswaarde nie deur vraag en aanbod op die ope mark bepaal nie. Die hoeveelheid karringmelk wat werklik verkoop word is so minimaal dat dit vir praktiese doeleindes buite rekening gelaat kan word. In die praktyk gebruik botterfabrieke hoofsaaklik sêlf hul karringmelk as voedsel vir varke, en dan ontstaan die probleem van welke waarde daaraan geheg moet word.

By wei is die posisie effens anders. Terwyl wei ook nie in sy oorspronklike vorm verkoop word nie, word dit hoofsaaklik afgeskei; word die weiroom wat daaruit herwin word, teen vasgestelde pryse verkoop en word die afgeroomde wei as voedsel vir varke gebruik. Die proses van afskeiding word gewoonlik in 'n afsonderlike departement gedoen en lewer nie verbesonderingsprobleme op nie. Om die waarde van die oorspronklike wei te bepaal, sal dit dus nodig wees om die formule $a - b + c$ toe te pas, waar a die opbrengs van weiroom, b die koste van afskeiding en c die waarde van afgeroomde wei verteenwoordig. Ook hier is die probleem welke waarde aan die afgeroomde wei c geheg moet word.

Die probleem om 'n waarde te heg aan 'n byproduk wat vir 'n ander produksieproses as grondstof gebruik word, word deur Keller (op cit., bl. 205, et seq.) kortliks soos volg behandel:

Indien die byproduk gebruik kan word om 'n ander grondstof in sy geheel of gedeeltelik te vervang, moet sy waarde gemeet word aan die besparing wat teweeggebring word deur die verminderde gebruik van die grondstof wat hy vervang. Andersom gestel, moet die totale produksiekoste wanneer vervanging nie plaasvind nie, vergelyk word met die totale produksiekoste wanneer vervanging wel plaasvind en die vervangende grondstof teen geen waarde nie gereken word. Die verskil in totale produksiekoste sal dan die waarde wees van die hoeveelheid van die vervangende grondstof wat gebruik is. Van hierdie waarde moet afgetrek word die koste verbonde aan

die lewering van die vervangende grondstof aan die afdeling waar dit as sodanig gebruik word.

'n Ander belangrike aspek wat deur Keller (op cit., bl. 206) aangeraak word, is die moontlikheid dat die onderneming 'n spesiale departement skep, uitsluitlik met die doel om 'n afvalprodukt wat geen bestaande mark of waarde as vervangende grondstof het nie, in 'n ander produk wat wel 'n bestaande mark het, te verwerk. 'n Oorweging by die totstandkoming van so 'n departement mag ook wees besparing van die koste verbonde aan die verwydering van die afvalstof. Dit is in 'n groot mate die belangrikste oorweging wat by botter- en kaasfabrieke geld. Waar die aanhou van 'n varkboerdery geen wesenlike deel van enige suiwelfabriek vorm nie, kom dit hoofsaaklik tot stand om die afvalstowwe waarvoor daar nie 'n bestaande mark is nie, te verwerk in 'n bemarkbare produk en sodoende ook die koste van verwydering, wat in die geval van karringmelk en afgeroomde wei aansienlik hoog is, te bespaar.

In so 'n geval, meen Keller, (op cit. bl. 206) moet die nuwe departement slegs belas word met die koste om die afvalprodukt daarheen te vervoer, aangesien dit reeds 'n besparing vir die ou departement teweegbring en aangesien die risiko verbonde aan die skepping van die nuwe departement dit geregtig maak op die volle voordeel van enige wins wat dit mag afwerp.

Op grond van die voorafgaande besprekings, kan daar dan, in die geval van kaasfabrieke, van die volgende metode gebruik gemaak word om die koste van kaas te bepaal:

Gemeenskaplike koste			x
(Wat insluit die koste van afskeiding van weiroom en koste van vervoer van afgeroomde wei na varkery)			
<u>Min</u> : Opbrengs van weiroom	y		
Koste van vervoer van afgeroomde wei na varkery		<u>z</u>	<u>y + z</u>
Koste van kaas			<u><u>x - (y + z)</u></u>

Opsommend kan gesê word dat die probleem van verdeling van gemeenskaplike koste, alhoewel dit teoreties onoplosbaar is, in die praktyk tog bevredigend opgelos kan word soos inderdaad ook daagliks gedoen word.

3. Gevolgtrekking

Met die begrippe "offers", "koste" en "gemeenskaplike koste" op hierdie wyse omlyn, ontstaan die vraag tot watter mate die Raad van hierdie kennis gebruik kan maak ter oplossing van sy probleem om op 'n wetenskaplike wyse inligting te versamel en te gebruik - 'n vraagstuk waaraan in die volgende hoofstukke aandag geskenk sal word.

Hoofstuk 3

GEBRUIKE VAN HISTORIESE GEGEWENS

Onder historiese gegewens word verstaan daardie gegewens wat betrekking het op die uitgawes gedurende 'n verstreke periode. Terwyl dit identies is aan die Engel-Saksiese "actual costs" (vgl. J.G. Blocker en W.K. Weltmer - Cost accounting - New York, 1957, bl. 19) kan daar, in die lig van die uiteensetting in Hoofstuk 2, geen sprake wees van "koste" nie. Om daardie rede word in Hoofstukke 3 en 4 verkieslik die woord "uitgawe" gebruik. In Hoofstuk 4 sal uiteengesit word waarom die Raad genoodsaak is om die uitgaafgedagte as uitgangspunt te gebruik in plaas van die kosprysgedagte.

1. Inleiding

a. Doel

Volgens Engel-Saksiese skrywers is die doel van historiese gegewens ("actual costs") vir begrotingsdoeleindes hoofsaaklik tweërlei van aard nl. -

(1) om te vergelyk met die begrote resultate; die redes vir enige afwyking op te spoor en, indien nodig, korrektiewe maatreëls toe te pas; en

(2) om te gebruik as gegewens waarop begrotings vir die nuwe tydperk gebaseer kan word.

b. Toepassing

Vir die doeleindes van die Raad word historiese gegewens gebruik -

(1) om die finale marges vir die afgelope tydperk vas te stel;

(2) om die begrote marges vir die lopende tydperk te hersien, en

(3) om die begrote marges vir die volgende tydperk op te baseer.

2. Die tydfaktor

Die tydfaktor speel 'n baie belangrike rol in hierdie verband en beïnvloed in 'n groot mate die bruikbaarheid van die gegewens en die prosedure wat in die organisasie van die hele stelsel gevolg kan word.

a. Die Rekenperiode

Om klaarblyklieke redes word die jaar as rekenperiode gebruik. Vir die doeleindes van die vasstelling van die marges gebruik die Raad sy boekjaar wat op 30 September eindig, welke jaar ook bekend staan as die suiwelsei-

soen. Gerieflikheidshalwe gebruik heelwat van die fabriek ook die jaar wat op 30 Junie eindig, terwyl daar ook heelwat fabriek is wie se boekjaar op 31 Desember eindig. Aangesien die meeste van die historiese gegewens gebaseer word op inligting verkry uit die finansiële rekeninge van die betrokke fabriek, is die feit dat almal nie dieselfde boekjaar gebruik nie, 'n aspek waarmee deeglik rekening gehou moet word. Dit bring mee dat die finale finansiële rekeninge van sommige fabriek waarvan die boekjaar op 31 Desember eindig, op die vroegste eers aan die einde van Februarie van die volgende jaar gereed is vir publikasie en dat gegewens verkry uit die finansiële rekeninge van alle fabrikante t.o.v. die boekjare wat binne 'n sekere kalenderjaar eindig, nie voor die einde van Maart van die volgende jaar in verwerkte vorm beskikbaar kan wees nie, d.w.s. ses maande na die einde van die suiwelseisoen.

b. Die margeprogram

Hoofsaaklik as gevolg van die invloed van die tydfaktor, soos hierbo uiteengesit, is die Raad genoodsaak om sy program waarvolgens vasstellings van die marges gedoen word, soos volg te laat verloop:-

TABEL VII

Marges vir 1961/62-seisoen

- | | |
|-----|--|
| (1) | <u>Vooruitvasstelling:</u> September 1961
Die jongste beskikbare gegewens is t.o.v. die seisoen 1959/60 |
| (2) | <u>Hersiening:</u> April 1962
Die historiese gegewens t.o.v. die 1960/61-seisoen is in hierdie stadium beskikbaar |
| (3) | <u>Finale vasstelling:</u> April 1963
Dit is die vroegste datum waarop die historiese gegewens t.o.v. die betrokke seisoen beskikbaar is. |

In kronologiese volgorde sal die program daar soos volg uitsien:-

TABEL VIII

Margeprogram

- | | |
|-----|---|
| (1) | <u>September 1961:</u> Vooruitvasstelling van 1961/62-marges |
| (2) | <u>April 1962:</u> Finale vasstelling van 1960/61-marges.
Hersiening van 1961/62-marges. |
| (3) | <u>September 1962:</u> Vooruitvasstelling van 1962/63-marges. |
| (4) | <u>April 1963:</u> Finale vasstelling van 1961/62-marges.
Hersiening van 1962/63-marges. |

Uit Tabelle VII en VIII is dit duidelik dat heelwat van die waarde van historiese gegewens verlore gaan as gevolg van die feit dat hierdie gegewens nie regstreeks na afloop van die seisoen beskikbaar is nie en daarom reeds heelwat verouderd is wanneer dit uiteindelik gebruik word. Hierdie toestand is hoofsaaklik te wyte aan twee faktore, nl. -

(1) die feit dat dieselfde boekjaar nie in alle gevalle gebruik word nie, en

(2) die tyd wat verloop tussen die einde van die boekjaar en die beskikbaarheid van geouditeerde finansiële state van die ondernemings.

Om hierdie probleme die hoof te bied, word die volgende oplossings aan die hand gedoen :-

(1) Daar moet gestreef word na eenvormigheid in die rekenperiode wat gebruik word, al sou dit meebring dat die Raad sy boekjaar moet verander om aan te pas by dié wat die geskikste vir alle fabriek sal wees.

(2) Na deeglike studie van die behoeftes en probleme van individuele fabriek moet daar 'n eenvormige rekeningestelsel vir alle fabriek voorgeskryf word, sodat dit moontlik sal wees om uit 'n toetsbalans, wat regstreeks na afloop van die boekjaar opgestel kan word, al die nodige besonderhede wat tans uit die geouditeerde finale rekeninge verkry word, te bekom. Verdelings kan dan volgens voorafbepaalde basisse geskied, welke basisse van tyd tot tyd hersien kan word.

3. Vasstelling van finale marges vir afgelope seisoen

Nadat die historiese gegewens versamel en verwerk is, soos uiteengesit word in Hoofstuk 4, word die finale vasstelling van die marges vir die afgelope seisoen daarop gebaseer en word die voorskotte wat ondertussen aan fabrikante betaal is, deur middel van 'n finale afrekeningstaat aangesuiwer. Die finale bottermarges vir die 1961/62-seisoen, soos vasgestel in April 1963, word in Tabel IX uiteengesit.

Die eerste gedeelte van die heffingsmarge, nl. dié ten opsigte van premies, progressiewe toelaes en toelaes vir kleiner verpakkings word gevorder om die onderlinge verhouding tussen fabriek reg te stel. Die heffings ten opsigte van premies en kleiner verpakkings word van alle fabriek gevorder

en dan uitbetaal aan fabriek wat premiekaas en botter in kleiner verpakkings lewer. Die heffing ten opsigte van progressiewe toelaes word van alle fabriek gevorder en aan die kleiner fabriek op 'n progressiewe skaal uitbetaal om hulle op 'n vergelykbare basis met die groot fabriek te bring. Hierdie toelaes is almal weer in berekening gebring by die deursnee-realisering. Op sy beurt sluit hierdie syfer ook die Regering-subsidie van 3.1770 per pd. en die Staat se bydrae deur middel van die Gebeurlikheidsfonds ten bedrae van .1240 per pd. in.

TABEL IX

Finale Bottermarges vir 1961/62

	<u>c per pd.</u>
a. <u>Koste van Bottervet: (Standaardkoste)</u>	23.877
Werklike graadverspreiding van botter teen vasgestelde prys van bottervet, bereken teen standaard-opbrengs	
b. <u>Fabrikantemarge:</u>	3.557
(1) <u>Fabrieks- en Admin. koste: (Deursnee-offer)</u>	
Ander direkte materiale, direkte arbeid, fabrieksbokoste en admin. koste as deursnee-offer	2.773
<u>Min: opbrengs van byprodukte as standaardinkomste</u>	
(2) <u>Vergoeding op vaste kapitaal: (Gedeeltelike standaardkoste)</u>	.356
Standaard-tarief op berekende belegging	
(3) <u>Vergoeding op Bedryfskapitaal: (Standaardkoste)</u>	.428
Standaard-tarief op standaard-belegging	_____
c. <u>Beheermarge: (Deursnee-offer)</u>	1.657
Spoorvrag, gradering, opberging, hantering, kommissie en koste van bestuur van poel as deursnee-offers	
Administratiewe koste as standaardkoste	
d. <u>Heffingsmarge:</u>	1.510
(1) Heffings t.o.v. premies, progressiewe toelaes en toelaes vir kleiner verpakkings (Standaardkoste)	.088
(2) Bydrae tot Stabilisasiefonds (Balan-serende syfer)	1.422
Deursnee-realisering	<u>30.601</u>

4. Vooruitvasstelling van marges vir volgende seisoen:

Net soos die historiese gegewens op die tydstip waarop dit beskikbaar word, gebruik word om die marges vir die lopende seisoen te hersien, word dit ook aan die begin van die volgende seisoen gebruik as basis waarop die vooruitvasstelling vir daardie seisoen gegrond kan word. Op daardie tydstip het die gegewens betrekking op 'n seisoen wat reeds 'n jaar gelede ten einde geloop het en kon daar ondertussen heelwat wesentlike veranderinge in die verskillende elemente waaruit dit opgebou is, ontstaan het. Dit is ongelukkig 'n leemte wat nie onder die huidige opset oorbrug kan word nie, tensy daar daadwerklike pogings aangewend word om die datum van beskikbaarheid van die gegewens te vervroeg, soos reeds in paragraaf 2 bespreek. Die prosedure wat by die vooruitvasstelling gevolg word, is presies dieselfde as dié wat by die hersiening van die marge gevolg word, soos in paragraaf 5 hieronder uiteengesit word.

5. Hersiening van marges vir lopende seisoen

Soos voorheen vermeld, word die marges vir die lopende seisoen (bv. 1962/63) aan die begin van daardie seisoen (Sept. 1962) vooruit vasgestel, op welke tydstip slegs die historiese gegewens van die voorlaaste seisoen (1960/61) beskikbaar is. Sodra die gegewens van die vorige seisoen (1961/62) beskikbaar is (in April 1963), word die vooruitvasstelling van die lopende seisoen hersien op grond van die jonger inligting wat dan bekend is. Afgesien van die ander begrotings, soos die produksievolumen en verkoopbegrotings, wat later breedvoerig bespreek word, word veral die totale marge dan hersien, wat daarop neerkom dat die jongste beskikbare historiese gegewens gebruik word as basis vir elk van die items waaruit die totale marge bestaan. Volgens die erkende beginsels van begroting word sodanige historiese gegewens eers aangesuiwer om die invloed van enige buitengewone omstandighede wat 'n uitwerking daarop gehad het, uit te skakel, en word hulle daarna by die verwagte omstandighede van die betrokke seisoen aangepas.

6. Vergelyking met ander nywerhede

Dit is van tyd tot tyd nodig om die posisie van fabrikante in die suiwelnywerheid te vergelyk met dié van ondernemers in ander nywerhede,

vir sover dit die vergoeding op kapitaal betref. So 'n vergelyking is nodig omdat die vergoeding in die suiwelnywerheid volgens 'n standaardtarief, en kunsmatig, bepaal word en daarom nie tred hou met ekonomiese tendense nie. 'n Vergoeding wat teen 'n té hoë tarief bereken word, sal die fabrikante onregmatig bevoordeel bo dié in ander nywerhede ten koste van produsente van die grondstowwe en die uiteindelige verbruiker, terwyl 'n té lae vergoeding weer fabrikante onregmatig sal benadeel en belegging in die nywerheid sal ontmoedig.

Vgl. R.A. Foulke: (Practical financial statement analysis - 1957, New York, bl. 560) "Money and the fields of activity that bring the greatest monetary return or profit seem to have a close affinity for each other."

Aangesien die vergoeding op kapitaal in die suiwelnywerheid volgens 'n afsonderlike standaardtarief vir vaste kapitaal en bedryfskapitaal bepaal word, is dit maklik om die gesamentlike vergoeding vir elke seisoen te bepaal deur slegs die twee tariewe in die regte verhouding te weeg en dit aan te suiwer om voorsiening te maak vir enige byvoordeel wat fabrikante uit die marges toegeval het. Die totale vergoeding wat op hierdie wyse bereken is, word in Tabel X aangetoon.

TABEL X

Vergoeding op kapitaal, uitgedruk as 'n persentasie van totale kapitale belegging		
<u>Seisoen</u>	<u>Botter</u>	<u>Kaas</u>
1955/56	9.69%	11.14%
1956/57	9.31%	8.17%
1957/58	9.00%	7.53%
1958/59	9.79%	12.56%
1959/60	9.14%	11.11%
1960/61	8.23%	9.15%
1961/62	8.77%	8.91%
Geweegde gemiddelde	9.09%	9.86%

a. Resultate van ander nywerhede

Ten einde betroubare syfers van die vergoeding op kapitaal in ander nywerhede te verkry, is gebruik gemaak van die Buro vir Statistiek se Nasionale Rekeningereeks, waarin die resultate van feitlik alle maatskappye wie se

aandele op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer word, verstrek word. Weens die verteenwoordigende aard van hierdie statistieke word dit as die betroubaarste bron vir vergelykings van hierdie aard beskou.

Vir die doeleindes van hierdie vergelykings word die terme "winste" en "netto winste" vertolk as daardie gedeelte van die inkomste van 'n onderneming wat die totale offers wat gebring word om die inkomste te verdien, uitgesonderd offers wat in verband staan met die kapitale investering deur die ondernemer(s) self, oorskry. In die Rekeningkunde is definisies in hierdie verband baie vaag, want dit is terme wat nie in 'n paar woorde omskryf kan word nie. Foulke (op cit., bl. 512) se definisie van "Accounting profit" is 'n voorbeeld hiervan: "(it) is a mathematical residue which results from the successive subtraction of many and varied items of expense from gross income".

(1) In bylae A word die netto winste, uitgedruk as 'n persentasie van aandeelhoudersfondse wat uit uitgereikte aandelekapitaal, reserwes en onverdeelde winste bestaan, vir die afgelope sewe jaar aangetoon. Hierdie syfers is nie vergelykbaar met dié van botter en kaas in Tabel X aangetoon nie omdat, in die geval van botter en kaas, die vergoeding op totale kapitale belegging, en nie net op aandeelhoudersfondse nie, bereken is.

Die netto winste van die genoteerde maatskappye moes dus aangesuiwer word deur dit as 'n persentasie van die totale kapitale belegging uit te druk. Vir dié doel is die totaal van alle lenings by die aandeelhoudersfondse gevoeg en is die netto winste aangesuiwer deur terugtelling van rentes, wat bereken is teen 6% op langtermyn- en 7% op korttermynlenings. Die resultate wat aldus verkry is, word in bylae B aangetoon en is vergelykbaar met dié van botter en kaas, wat daarteenoor gestel word.

(2) Om die rol te probeer vasstel wat die risikofaktor wat aan 'n onderneming verbonde is, speel met betrekking tot die vergoeding op kapitaal, is bylae C opgestel. Dit toon die vergoeding wat aandeelhouders ontvang op 'n belegging waaraan daar relatief minder risiko verbonde is. In die tweede gedeelte van die bylae is die diwidendepersentasies aangesuiwer om aan te toon wat die winste van sodanige ondernemings moet wees om, ná aftrekking van belasting, die diwidende te kan betaal.

(3) Bylae D toon die wyse waarop netto winste vir die afgelope sewe jaar verdeel is tussen belasting, diwidende en reserwes. Die persentasie belasting aldus verkry, is gebruik vir die berekenings van die tweede gedeelte van bylae C, en die bylae dien verder om te toon hoe dit gebruikelik is om netto winste, ná belasting, tussen diwidende en reserwes te verdeel, nl. onderskeidelik \pm 60% en 40%.

b. Gevolgtrekking

(1) Waar die vergoeding op kapitaal in die suiwelnywerheid vergelyk word met dié in ander nywerhede ontstaan dadelik die vraag welke gewig geheg moet word aan die voordeel wat beheer meebring by wyse van vermindering van die risiko verbonde aan die belegging. Dat beheer wel 'n vermindering in risiko meebring, is 'n onbetwisbare feit, maar om die waarde van sodanige vermindering in 'n eenheid uit te druk, kan slegs op 'n arbitrêre wyse gedoen word.

(2) Uit bylaes B en C kan Tabelle XI en XII opgestel word. Hieruit blyk dit dat die vergoeding op kapitaal vir die suiwelnywerheid tussen die van die nywerhede wat 'n betreklik hoër en dié wat 'n betreklik laer risiko dra, geleë is. Of die presiese kerf tussen hierdie twee uiterstes die aangewese een is, is 'n vraag waaroor die Raad by die hersiening van die tariewe moet beslis.

TABEL XI

	1955/6 %	1956/7 %	1957/8 %	1958/9 %	1959/60 %	1960/1 %	1961/2 %
Groottotaal: genoteerde maatskappye	13.17	13.08	12.33	11.14	11.47	12.13	12.16
Kaas	11.14	8.17	7.53	12.56	11.11	9.15	8.91
Botter	9.69	9.31	9.00	9.79	9.14	8.23	8.77
Aangesuiwerde voorkeurdiwidende	8.44	8.35	8.66	8.87	8.30	7.79	7.69

Die geweegde gemiddelde vir die sewe jaar sal dan soos volg wees :-

TABEL XII

Groottotaal van genoteerde maatskappye	% 12.17
Kaas	9.86
Botter	9.09
Aangesuiwerde voorkeurdiwidende	8.31

c. Samevatting

As in aanmerking geneem word dat die winsmotief feitlik alle ekonomiese aktiwiteite oorheers, is dit duidelik hoe belangrik die vraagstuk van 'n korrekte tarief van vergoeding op kapitaal vir die Raad moet wees.

Anders as by onbeheerde nywerhede word die gemiddelde rentabiliteit van ondernemings in die suiwelnywerheid kunsmatig bepaal en daarom is dit noodsaaklik dat die vasstelling gedoen word aan die hand van 'n deeglike kennis van ekonomiese toestande binne sowel as buite die nywerheid - 'n aspek wat die Raad deeglik in aanmerking neem soos blyk uit die benadering hierbo uiteengesit.

Hoofstuk 4

VERSAMELING VAN HISTORIESE GEGEWENS

1. Inleiding

By die vasstelling van die fabrikantemarge beoog die Raad om aan fabrikante 'n bedrag toe te laat wat hulle sal vergoed vir die uitgawes wat deur hulle aangegaan word t.o.v. die verwerking van die primêre produk asook vir hul kapitale besteding en ondernemersfunksie.

Wat vergoeding van hul uitgawe betref, is dit nodig om eerstens te bepaal wat die totale uitgaaf van die bedryf is, ten einde 'n basis te vind om die vergoeding op te baseer.

Die uitgaafgedagte word hier gebruik, nie as 'n metode van kospryskalkulasie nie - as sodanig word dit verwerp - maar wel omdat dit 'n erkende wetenskaplik-verantwoorde maatstaf is wat vir vergelykingsdoeleindes aanvaarbaar is. Die redes waarom die uitgaafprys nie vir kosprysberekening gebruik kan word nie, word deur Sorgdrager en Viljoen (op cit., bl. 47 et seq.) aan die hand van praktiese voorbeelde uiteengesit. Die volgende is enkele van hul bewerings:-

(Op cit., bl. 48) "Die uitgaafbegrip, verwerk in die uitgaafkosprysopvatting, het die uitstaande kenmerk van 'n delingskalkulasie in teenstelling met die opbou van 'n normatiewe kosprys."

(Op cit., bl. 49) "Om langs hierdie weg tot 'n waardeoordeel te kom, is ten enemale onjuis omdat daar dan langs arbitrêre metodes en verdelingskemas tot 'n sg. kosprys gekom word."

Vergoeding op kapitale belegging en ondernemersfunksie moet weer bepaal word om verband te hou met die vergoeding wat ondernemers in onbeheerde nywerhede ontvang. Vir al hierdie doeleindes is dit dus nodig om historiese gegewens te versamel, te verwerk en te gebruik.

2. Versameling van gegewens

Waar dit vir die bestuur van 'n onderneming redelik maklik is om die rekeningkundige werk so in te rig dat historiese gegewens sonder veel moeite uit die finansiële rekeninge verkry kan word, is die posisie heelwat anders in die geval van die Raad. Kosterekeninge is 'n bestuursaangeleentheid waarvoor die Raad weinig beheer kan uitoefen. Weens die wisselende

groottes en organisasie van die verskillende ondernemings sou dit ook nie moontlik wees om 'n eenvormige stelsel van kosterekeninge voor te skryf nie, omdat 'n stelsel waarvan die offers vir een onderneming redelik sal wees, vir 'n ander hopeloos te duur sal wees. Hierdie toestand sal duidelik begryp word as in aanmerking geneem word dat daar, in die kaasbedryf byvoorbeeld, een organisasie is met agt fabriek op verskillende sentra en 'n gesentraliseerde hoofkantoor met 'n groot personeel, terwyl daar, in teenstelling daarmee, 'n ander fabriek is met een blanke in voltydse diens wat as bestuurder en kaasmaker optree terwyl die rekenkundige pligte deur 'n rekenmeester op 'n nabygeleë dorp waargeneem word. Tussen hierdie twee uiterstes kan daar nouliks sprake van 'n eenvormige rekeningestelsel wees.

Teoreties is dit dus onmoontlik vir 'n sentrale kantoor om onder dié toestande die koste van die verskillende fabriek waarvoor beheer uitgeoefen word, te bereken. Prakties kan die probleem egter nie daar gelaat word nie en moet 'n metode aangewend word waarby soveel moontlik van die erkende kosprysbegrippe gebruik word om tot 'n "benaderde kosprys" te kan geraak, wat op sy beurt kan dien as bewys van die aanpasbaarheid van die metodes van die moderne kosprysadministrasie. In baie gevalle sal die metode daarop neerkom dat die totale offers van fabriek vir 'n bepaalde tydperk - in hierdie geval die boekjaar - verdeel moet word deur die totale eenhede van produksie vir dieselfde tydperk, om sodoende 'n gemiddelde eenheidsoffer, wat o.a. verspilling sal insluit, vir die tydperk te bereken. Van 'n eenheidskosprys kan daar nouliks sprake wees, want uit die totale offers wat aldus verkry word, kan slegs 'n deursnee-offer bereken word.

a. Beskikbare inligting

Die volgende inligting is beskikbaar uit opgawes en finansiële rekeninge van fabrikante :

- (1) Hoeveelhede en gehalte van grondstowwe aangekoop
- (2) Hoeveelhede en gehalte van eindprodukte gelewer
- (3) Totale direkte offers t.o.v. elke departement
- (4) Totale bokoste van fabriek
- (5) Totale verkoop- en administratiewe koste
- (6) Totale opbrengs van byprodukte

Benewens hierdie beskikbare inligting kan daar ook nadere inligting wat nodig is vir verdelings en verbesonderings verkry word deur middel van korrespondensie met, of besoeke aan fabrieke. Ongelukkig is die inligting wat op hierdie wyse verkry kan word, weens die gebrekkige aard van die kosterekords wat gehou word, nie so geredelik beskikbaar en in sommige gevalle gladnie bekombaar nie.

b. Koste-onderskeidings

Om die probleem op sistematiese wyse aan te pak, is dit nodig om dit te doen aan die hand van die gebruiklike koste-onderskeidings, en eerstens moet onderskei word tussen:

Direkte Materiaal	}	Primêre koste	} Produksiekoste
Direkte Arbeid			
Fabrieksbokoste			
Verkoopskoste en			
Administrasiekoste			

Bostaande koste-onderskeidings is sommige van die onderskeidings na die struktuur van die produksie. Daar is ook onderskeidings na die omvang van die produksie. (Vgl. Sorgdrager en Viljoen op cit., Hoofstukke 6 en 7).

(1) Direkte materiaal

Die belangrikste grondstof, wat terselfdertyd ook verreweg die grootste enkele koste-element uitmaak, is bottervet en kaasmelk vir onderskeidelik botter- en kaasfabrieke. Hierdie grondstowwe word deeglik gegradeer omdat dit ook 'n direkte invloed op die opbrengs en die gehalte van die eindproduk uitoefen. Bottervet word gegradeer in grade volgens gehalte, terwyl kaasmelk in persentasie van bottervetinhoud gegradeer word. Pryse wat fabrikante vir hierdie grondstowwe moet betaal, word vir die verskillende grade en persentasies deur die Raad vasgestel, en gevolglik is daar eenvormigheid wat die pryse betref.

'n Belangrike aspek is die feit dat fabrikante self die gradering waarneem en dat daar uit die aard van die saak nie 'n deurlopende kontrole oor hul gradering uitgeoefen kan word nie. Dit kan dus gebeur dat 'n fabrikant bottervet as eerstegraad gegradeer terwyl hy slegs 'n tweedegraadbotter

daarvan kan maak, of andersom. Indien hy die bottervet laer gradeer as wat dit behoort te wees, kan hy homself natuurlik daardeur ekonomies bevoordeel, maar deur aan sy leweransiers laer grade toe te ken as wat werklik die geval is, loop hy gevaar om hul ondersteuning te verloor en kan hy daardeur sy volume produksie aansienlik laat daal, wat weer tot sy nadeel sal strek. Oor die algemeen is fabrikante meer geneig om bottervet gunstiger te gradeer om sodoende meer leweransiers te trek. Die addisionele offers wat op hierdie wyse gebring word, kan tot in 'n sekere stadium vir die betrokke fabriek ekonomies geregverdig wees, omdat die groter produksievolume wat dit tot gevolg het, weer 'n besparing in vaste koste per eenheid meebring. Sodra die totale waarde van die addisionele offers wat aldus gebring word, die besparing oorskry, vind daar verspilling plaas. Selfs al is die addisionele offers vir die betrokke fabriek ekonomies geregverdig, is dit beslis nie vir die nywerheid as geheel geregverdig nie, want dit dien slegs om een fabriek bo 'n ander te bevoordeel.

'n Ander aspek wat nie uit die oog verloor kan word nie, is die feit dat fabriek ook van die bottervet en veral van die kaasmelk wat aangekoop word, vir ander doeleindes as die vervaardiging van botter en kaas kon gebruik het terwyl daar nie volledige rekords van sodanige afwendings gehou of verstrek word nie. Dit sou meebring dat, tensy hiermee rekening gehou word, die koste van bottervet en kaasmelk wat vir die vervaardiging van botter en kaas gebruik word, te hoog bereken sou word.

Verdere faktore wat 'n invloed op hierdie koste-element uitoefen, is die tegniese proses wat toegepas word (waar die opbrengs regstreeks beïnvloed kan word deur die kennis, vaardigheid en ondervinding van sleutelpersoneel); die verskille in die samestelling van die grondstof van streek tot streek (waar dit ook 'n regstreekse invloed op die opbrengs mag hê), en die mate waarin vermorsing voorkom.

Weens die belangrikheid van hierdie koste-element verg die berekening van die koste daarvan besondere aandag. As gevolg van die faktore hierbo genoem, is dit 'n uitgaaf wat wissel van fabriek tot fabriek en word dit feitlik na willekeur deur individuele voorkeure en beleid beïnvloed. Dit uitgaaf wat onder hierdie hoof deur fabriek in hul finansiële state

getoon word, kan dus nouliks gebruik word om enige berekening van vergoeding op te baseer. Daar moet na 'n ander norm gesoek word, en die een wat voor die hand lê, is die standaard.

Om 'n standaardkoste vir die grondstof vas te stel, moet eers standarde vir gehalte, hoeveelheid en prys vasgestel word.

(a) Standaard vir gehalte

Deur statistiese berekenings kan maklik vasgestel word wat die gemiddelde graadverdeling vir botter van jaar tot jaar is, en aangesien die bottervet, indien dit reg gegradeer word, botter van dieselfde graad moet lewer, kan die graadverdeling van die uiteindelijke produk as standaard vir die grondstof aanvaar word. Dit sal meebring dat enige foutiewe gradering van bottervet 'n afwyking van die standaard sal beteken. Deur statistiese berekening kan ook die gemiddelde persentasie van die bottervetinhoud van kaasmelk bereken word, wat op sy beurt as standaard kan dien.

(b) Standaard vir hoeveelheid

Deur middel van tegniese ontledings aangevul deur statistieke wat 'n lang tydperk dek, kan vasgestel word hoeveel van die standaardgrondstof gebruik moet word om 'n eenheid van die finale standaardproduk te lewer. Tegniese gegewens moet aangepas word by normale toestande, wat ook normale vermorsing insluit. Deur korrelasie tussen tegniese en historiese data kan daar 'n betroubare standaard verkry word.

(c) Standaard vir prys

Aangesien die pryse van bottervet en kaasmelk volgens die verskillende grade vasgestel word, kan die prys van die standaardgrondstof ook as standaardprys gebruik word.

(d) Standaardkoste

Nadat bogenoemde standarde vasgestel is, is dit moontlik om daaruit die standaardkoste van die grondstof per eenheid van die finale produk te bereken. Hersiening en aanpassing van die standaardkoste aldus bereken, moet slegs geskied wanneer enige van die standarde waarop dit gebaseer is, wesenlik en blywend verander het.

(e) Vervoerkoste van bottervet en kaasmelk

Benewens die prys wat vir die grondstof betaal word, vorm die koste van ophaal en opberging daarvan ook nog deel van die materiaalkoste. Weens die bederfbare aard van die grondstof begin die verwerking reeds by ontvangs daarvan en vorm opberging dus deel van die produksieproses en nie van die materiaalkoste nie.

Wat die offers verbonde aan die ophaal van bottervet en kaasmelk betref, is reeds in Hoofstuk 2 onder die opskrif "Meer-verbruik en verspilling" aandag daaraan geskenk. Die prys van die grondstof, soos deur die Raad vasgestel, is die prys wat vir die afgelewerde grondstof by die fabriek betaal moet word. Waar fabrieke self die ophaal waarneem, is hulle geregtig om die uitgawes daaraan verbonde van die vasgestelde prys af te trek. Addisionele offers wat gebring word deurdát hierdie uitgawes nie ten volle verhaal word nie, kan wel vir die betrokke fabriek ekonomies geregverdig wees, maar beslis nie vir die nywerheid as geheel nie, en kan daarom nie in aanmerking geneem word in die vasstelling van die standaard koste nie.

(f) Ander direkte materiale

Benewens die grondstof gebruik botter- en kaasfabrieke ook nog ander direkte materiale soos sout, kleursel, stremsel, verpakkingsmateriale, ens. Weens die verskille in ligging van die verskillende fabrieke verskil die pryse van die afgelewerde materiale van fabriek tot fabriek, soseer so dat dit nie moontlik is om 'n standaardprys vir hierdie items te bepaal nie. Ook 'n standaard vir hoeveelheid kan moeilik bereken word, omdat by die verskillende fabrieke die produksieproses verskillend verloop. 'n Botterfabriek wat bv. van 'n moderne verpakkingsmasjien gebruik maak, se noodsaaklike vermorsing van toedraaipapier sal veel minder wees as dié van 'n fabriek met 'n verouderde masjien.

Alles in ag geneem, blyk dit dus dat dit, met die beskikbare gegewens, nie moontlik is om die koste van hierdie item te bereken nie. Soos met baie van die ander items moet daar dus na 'n aanvaarbare skynoplossing gesoek word, wat in hierdie geval die vorm van 'n deursnee-offer aanneem. Hierdie deursnee-offer kan bereken word deur verdeling van die totale offers wat onder hierdie hoof gebring word, deur die produksie vir die betrokke tydperk.

(2) Direkte arbeid

Wat die tarief van vergoeding vir arbeid betref, bestaan daar wetlike loon-ooreenkomste in die suiwelnywerheid, waarvolgens die Republiek geografies in drie gebiede ingedeel en die minimum lone vir elke soort arbeid vir elk van die drie gebiede vasgestel is. Standaarde vir tarief en gehalte kan dus vir elk van die gebiede gestel word.

By die vasstelling van tydstandaarde word daar egter teen die probleem gestuit dat die produksievolume van 'n fabriek bepaal word deur sy inname van die grondstof en dat, weens die skommeling wat in die inname plaasvind, daar noodwendig ook skommeling in die besetting van masjinerie en arbeid voorkom. Die skommeling word veroorsaak deur klimaatstoestande en die seisoensgebondenheid van produksie, en die intensiteit daarvan verskil van streek tot streek volgens die besondere boerderymetodes wat in elke streek toegepas word. As gevolg hiervan, en ook as gevolg van die ondeelbaarheid van die arbeid as produksiefaktor - wat meebring dat direkte arbeid deels 'n semi-veranderlike koste is - word die berekening van 'n tydstandaard vir die bedryf as geheel feitlik 'n onbegonne taak. Ook in hierdie geval word daar dus in die praktyk teruggeval op die minder bevredigende deursnee-offer.

Terwyl dit wel moontlik is om standaarde vir tarief en gehalte van die arbeid te stel, sou dit jammer wees as dit nie moontlik is om verder daarop uit te bou om tot 'n aanvaarbare standaardkoste vir hierdie item te geraak nie. As in aanmerking geneem word dat werkgewers kragtens die loon-ooreenkoms toegelaat word om oortyd wat in druk tye gewerk word, te verreken teen korttyd in tye van produksieslapte, behoort 'n werkgewer sy arbeid so te kan reël dat die invloed van seisoenskommeling, indien dit nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, dan tog tot 'n minimum beperk kan word. Deur middel van tydstudies, waarneming en selfs die gekontroleerde eksperiment, kan 'n betroubare tydstandaard opgestel word waarin voorsiening gemaak word vir die meer-verbruik van arbeid as gevolg van seisoenskommeling en klimaatomstandighede. Met die probleem i.v.m. tydstandaarde dan op hierdie wyse opgelos, kan die standaardkoste bereken word.

(3) Fabrieksbokoste

Items onder hierdie hoof is onder meer die volgende :-

Brandstof, krag en water

Vervoerkoste

Herstellings en onderhoud

Huur, versekering en belasting

Waardevermindering van masjinerie en geboue

Om redes wat reeds verstrek is en wat hoofsaaklik die gevolg is van die verskille in ligging, prosesse en beleid van die verskillende fabriek, is daar ook, wat fabrieksbokoste betref, geen eenvormigheid of vergelyking tussen die fabriek nie. Trouens, in hierdie geval word reeds met heelwat probleme te doen gekry om slegs 'n deursnee-offer te bereken, terwyl die berekening van die werklike koste onder hierdie hoof 'n onmoontlike taak is. As voorbeeld van die probleme wat ondervind word dien die verskillende beleidsrigtings wat daar bestaan in verband met die kapitalisasie van sekere offers, waar een fabriek bv. sekere vernuwings van toerusting sal kapitaliseer terwyl 'n ander dit as 'n uitgawe sal aantoon. By die berekening van die deursnee-offer word veral verbesonderingsprobleme ondervind. Terwyl fabriek direkte materiaal en arbeid wat aan botter of kaas bestee word, afsonderlik aantoon, sluit die totaal van bokoste ook dié ten opsigte van die ander aktiwiteite in. Waar die ander aktiwiteite voortvloei uit gemeenskaplike produksie, soos reeds bespreek, val hierdie probleem weg, aangesien daarvoor reeds in Hoofstuk 2 'n oplossing aan die hand gedoen is, maar as dit 'n geval van saamgevoegde kapasiteit is, moet daar noodwendig verbesondering plaasvind, selfs al is dit slegs om die deursnee-offer te bereken.

Waar 'n breedvoerige bespreking van die teorie en praktyk van verbesondering van bokoste buite die bestek van hierdie studie val, sal volstaan word by die verstrekking van slegs 'n aantal basisse waarop die verbesondering in sommige gevalle kan geskied:

(a) Brandstof, krag en water word as sodanig in die fabriek gebruik en hoeveelhede verbruik in elke departement kan deur middel van meters via die verskillende kosteplekke na die finale produk verbesonder word. Waar dit ook vir stoomopwekking gebruik word, word dit na die kosteplek

"Stoomopwekking" en vandaar deur middel van stoommeters via die ander kosteplekke na die finale produk verbesonder.

(b) Herstelling en onderhoud geskied gewoonlik deur 'n afsonderlike departement en die offers van hierdie departement word, op grond van gegewens verkry uit taakkaarte na die kosteplekke en vandaar na die produk verbesonder. Die moontlikheid om 'n standaardkoste hiervoor te gebruik, word verder bespreek in 'n volgende paragraaf.

(c) Huur, versekering en belasting kan op 'n basis van vloeroppervlakte na die verskillende kosteplekke en vandaar na die produkte verbesonder word.

(d) Waardevermindering van vaste bates is 'n aspek wat op sy beurt weer besondere aandag verdien, aangesien die berekening van die offers nie konsekwent kan geskied nie tensy daar 'n eenvormige basis is. Die metode wat tot dusver deur die Raad gevolg is, was om, ongeag die metode van afskrywing wat deur fabrieke gevolg word, waardevermindering teen onderskeidelik $2\frac{1}{2}\%$, 10% en 5% per jaar op grond en geboue, masjinerie en toerusting en meubels en toebehore te bereken volgens die verminderde-saldometode. Dit bring mee dat die Raad sy eie rekords van die totale bates van elke fabriek, onder elk van die drie hoofde, moet hou en sodanige rekords moet aansuiwer om toevoegings en onttrekkings asook die jaarlikse afskrywing in berekening te bring. Die afskrywing word dan as vaste koste verdeel deur die totale eenhede vervaardig, om 'n eenheids-"koste" te verkry.

Uit 'n wetenskaplike oogpunt beskou, gaan hierdie metode mank aan vele gebreke, en die enigste regverdiging daarvoor moet gesoek word in die gebrek aan gegewens waarop 'n meer wetenskaplike metode gebaseer kan word. Selfs met die karige gegewens wat beskikbaar is, word gevoel dat daar nogtans 'n meer wetenskaplike benadering vir die probleem behoort te wees, die oplossing waarvan weer eens gesoek moet word in die standaard.

Waar waardevermindering nou saamhang met onderhoud en herstellings is die aangewese metode om een standaardkoste vir waardevermindering, onderhoud en herstellings te bereken. Weens die invloed wat onderhoud en herstellings op die nuttige leeftyd van bates uitoefen, is dit onprakties

om dit van waardevermindering te skei. 'n Karring wat in botterfabrieke gebruik word, kan bv. vir tien jaar lank diens lewer sonder enige noemenswaardige herstellings; daarna kan geslete onderdele vervang word, al na dit nodig word, sodat die karring na 20 jaar se gebruik in nog net so 'n goeie toestand sal wees as na die eerste tien jaar. Waar een fabriek die karring reeds na vyftien jaar sal vervang, kan 'n ander dit vir dertig jaar lank gebruik en sou dit onprakties wees om vir hierdie twee fabrieke 'n eenvormige tarief van waardevermindering of herstellings te gebruik. Om hierdie rede is dit die beste metode om die twee as 'n eenheid te behandel.

Die toepassing van hierdie metode sal daarop neerkom dat die nuttige leeftyd van 'n bate bereken moet word as daardie tyd voordat die kruispunt bereik word waarop die offers wat by wyse van herstellings gebring moet word, die besparing van offers wat teweeggebring word deurdadig daar nie 'n nuwe bate aangeskaf word nie, oorskry. By die oorspronklike waarde van die nuwe bate moet dan gevoeg word die totale offers aan herstellings en onderhoud wat gedurende die nuttige leeftyd van die bate aangegaan moet word, en dit moet verminder word met die realisasiewaarde van die bate na bereiking van die bogenoemde kruispunt. Die antwoord wat aldus verkry word, is die totale offer wat verdeel moet word tussen die eenhede wat gedurende die nuttige leeftyd van die bate geproduseer word, om 'n standardeenhedskoste vir elke bate te verkry. Om die begrip van vervangingswaarde sy regmatige plek te gee, moet die standaardkoste wat aldus verkry is, van tyd tot tyd hersien word om tred te hou met die indekspryse van bates in die nywerheid. Vir die praktiese toepassing van dié metode is dit dan nodig om standarde vir kapasiteit, produksie-omvang en totale bates benodig, te stel.

(1) Kapasiteit en produksie-omvang

Met inagneming van die beskikbare grondstowwe, moontlike wisselinge in die beskikbaarheid daarvan en die seisoensgebondenheid, kan die optimum kapasiteit en die produksie-omvang van elke fabriek vasgestel word en kan die geweegde gemiddelde van alle fabrieke as standaard van kapasiteit en produksie-omvang gestel word.

(ii) Totale bates benodig

Die verskillende bates wat nodig is vir 'n fabriek van die standaard-kapasiteit moet bereken word, en die som van die standardeenheidskoste van elk van hierdie bates vorm dan die standaardkoste onder hierdie hoof. Die vereenvoudigde voorbeeld in Tabel XIII uiteengesit, dien as illustrasie van die metode.

TABEL XIII : Voorbeeld

<u>Besonderhede:</u>	1. Berekene standaardkapasiteit: 2,000,000 pd. per jaar
	2. Berekene standaardproduksie-omvang: 1,500,000 pd. p.j.
	3. Bates benodig vir fabriek van standaardkapasiteit: bates a, b, c en d.
	4. Ander besonderhede soos in berekening verstrek.
<u>Berekening:</u>	Prys van bate <u>a</u> (nuut) : R5,000
	Nuttige lewensduur: 10 jaar teen 1,500,000 pd. per jaar
	Onderhoud en herstellings gedurende lewensduur: R3,000
	Eenheidskoste: $\frac{5000 - 1000 + 3000}{10 \times 1,500,000} = .0470$ per pd.
	Ander bates soos hierbo bereken: b = .0530 " "
	c = .1000 " "
	d = .2000 " "
	Standaardkoste vir waardevermindering, onderhoud en herstellings vir jaar <u>.4000</u> " "
	<u>VOLGENDE JAAR:</u>
	Gesamentlike indeksprys van bates in gebruik in die suiwelbedryf:
	105 (vorige jaar as basis)
	Aanpassing van standaardkoste: $\frac{105}{100} \times .400 = .4200$ per pd.
<u>Bron:</u>	Eie waarneming

(4) Verkoopkoste

Aangesien die Raad die verkoop van alle botter en kaas onderneem, het fabriekse geen koste in hierdie verband nie. In 'n geringe mate maak fabriekse egter gebruik van advertensies, en vir die koste daaraan verbonde word doeltreffend voorsiening gemaak deur middel van 'n standaard.

(5) Administrasiekoste

Net soos by fabrieksbokoste moet ook hier verbesonder word om 'n deursnee-offer te kan bereken. Weens die uiteenlopende aard van die aktiwiteite en organisasie van die verskillende fabriekse verskil die basisse waarop die

verbesondering geskied van fabriek tot fabriek. Die volgende is die mees algemene basisse in gebruik vir die verskillende items:

Omset

Volume van produksie

Personeel in elke departement

Fakture uitgereik t.o.v. elke departement

Gemiddelde voorrade voorhande

c. Vergoeding op kapitaal en ondernemingsfunksie

Vir die doeleindes van berekening van 'n vergoeding aan die ondernemers vir hul kapitale belegging en ondernemersfunksie word 'n sekere persentasie op die berekende kapitale belegging in die bedryf toegelaat. Vir dié doel word daar onderskei tussen vaste-kapitaal en bedryfskapitaal, en vir die afgelope aantal jare is die vergoeding teen 10% op vaste-kapitaal en $7\frac{1}{2}\%$ op bedryfskapitaal bereken. Veral belangrik in hierdie verband is die berekening van die kapitale belegging waarop die persentasie vergoeding gebaseer word. Die gebruikelike metode van berekening is die volgende:-

(1) Vaste Kapitaal: word bereken deur die totale gedepresieerde waarde van alle bates in die bedryf, bereken soos uiteengesit in die paragraaf oor waardevermindering hierbo, te verdeel deur die totale aantal eenhede geproduseer, om die kapitale belegging per eenheid te verkry.

Indien 'n standaardkoste vir waardevermindering, onderhoud en herstellings, soos hierbo uiteengesit, gebruik sou word, kan dit ook meehelp om 'n standaard vir belegging in vaste kapitaal op te stel, en sodoende 'n meer wetenskaplike metode van berekening ook in hierdie verband verseker. Dit kan gedoen word deur die geweegde gemiddelde vervangingswaarde van die bates benodig vir 'n standaardfabriek te verdeel deur die standaardproduksie-omvang daarvan, om 'n standaardbelegging per eenheid te verkry. Om die geweegde gemiddelde vervangingswaarde van elke bate te bereken, moet te werk gegaan word soos in Tabel XIV uiteengesit.

(2) Vir bedryfskapitaal word 'n standaard bereken wat gebaseer word op die netto-realisering per eenheid en die gemiddelde tydperk wat verloop tussen produksie en ontvangs van die realisering - 'n metode wat in alle opsigte aanvaarbaar is.

TABEL XIV: Voorbeeld

(bate (a) van vorige voorbeeld)

Huidige prys (nuut): R5,000

Nuttige lewensduur: 10 jaar teen 1,500,000 pd. per jaar

Realisasiewaarde na die 10 jaar: R1,000

Onderhoud en herstellings gedurende die 10 jaar: R3,000 (waarvan R200 per jaar vir die eerste vyf jaar en R400 per jaar vir die volgende vyf jaar benodig sal wees).

Berekening:

Jare	Aanvangs- waarde	Standaard- koste vir w. o. & h	Onderhoud en herstel- lings	Slot- waarde	Weging	Faktor
1	5,000	700	200	4,500	10	45,000
2	4,500	700	200	4,000	9	36,000
3	4,000	700	200	3,500	8	28,000
4	3,500	700	200	3,000	7	21,000
5	3,000	700	200	2,500	6	15,000
6	2,500	700	400	2,200	5	11,000
7	2,200	700	400	1,900	4	7,600
8	1,900	700	400	1,600	3	4,800
9	1,600	700	400	1,300	2	2,600
10	1,300	700	400	1,000	<u>1</u>	<u>1,000</u>
					55	172,000

Geweegde gemiddelde waarde $\frac{172,000}{55} = \underline{R3,127}$

Volgende jaar: (Indeksprys 105 op basis van vorige jaar)

$$\frac{105}{100} \times R3,127 = \underline{R3,283}$$

Bron: Eie waarneming

3. Kwantitatiewe verhoudings

Om te kan produseer, moet produksiemiddele in 'n sekere verhouding saamgevoeg word. Om 'n eenheidskoste te bepaal, moet koste-elemente in 'n sekere verhouding saamgevoeg word. So ontstaan die probleem van kwantitatiewe verhoudings by die kosprys. Die probleem word breedvoerig bespreek deur L.A. Porter (Enkele aspekte van die vraagstuk van kapasiteitsoffers - 1962, Potchefstroom, bl. 44 et. seq.) aan die hand van V.d. Schroef en van

Sorgdrager. Hy onderskei tussen die tegniese en die ekonomiese aspekte en behandel onder meer ook die vraagstuk of die kwantitatiewe verhoudings standvastig of veranderlik is. Terwyl die teoretiese aspekte van die vraagstuk oortuigend deur Porter gestel word, en dit buite die bestek van hierdie studie val om dié aspekte nader toe te lig, sal slegs sekere toepassings op die suiwelnywerheid kortliks behandel word.

Die historiese gegewens wat versamel word, soos in paragraaf 2 hierbo uiteengesit, kan alleen die doel waarvoor dit versamel word, dien, wanneer dit tot eenhede van die finale produk herlei word. Om dit te bewerkstellig, moet alle "koste"-elemente in 'n bepaalde verhouding saamgevoeg word.

Ook hierin kom die Raad voor die probleem te staan dat hy geen beheer oor die kwantitatiewe verhoudings in die nywerheid kan uitoefen nie en genoodsaak is om die verhoudings van die individuele ondernemings te aanvaar vir die doeleindes van berekening van die deursnee-offer. Hierdie verhoudings verskil merkbaar tussen die verskillende ondernemings - deels omdat die pryse waarop dit gebaseer is, verskil, en deels omdat die verhoudings in baie gevalle nie doelmatig is nie.

Porter beweer dat die kwantitatiewe verhoudings slegs veranderlik is in soverre dat dit sal verander by 'n verandering in die prysverhoudings. Waar prysverhoudings tussen fabriekse verskil, moet dus aanvaar word dat die kwantitatiewe verhoudings, selfs al is dit doelmatig, ook sal verskil. As prysverhoudings dus die enigste verskilpunt was, sou die Raad 'n doelmatige deursnee-verhouding vir die nywerheid kon bereken het. Omdat die verhoudings van individuele fabriekse egter nie altyd die ekonomiese toets deurstaan nie, kan die Raad slegs 'n deursnee-verhouding wat nie in alle opsigte doelmatig is nie, gebruik. Die gevolg hiervan is dat, selfs al sou ál die gegewens wat die Raad versamel, voldoen aan die vereistes om as "koste" bestempel te word hulle tot weinig meer as offers sal verval, weens die feit dat die kwantitatiewe verhoudings nie doelmatig is nie en daarom ook 'n mate van verspilling insluit.

4. Gevolgtrekking

Vir sy doeleindes moet die Raad sekere gegewens versamel, maar in hierdie taak word hy gestrem deur die feit dat die beskikbare gegewens nie voldoen aan die wetenskaplike vereistes om as "koste" geklassifiseer te word nie. In sy strewe na 'n wetenskaplike benadering van die vraagstuk is die Raad dus genoodsaak om by die verwerking van die gegewens, uit te gaan van 'n prognose - dat die gegewens wel aan die vereistes voldoen - en dit dan verder op wetenskaplike wyse te verwerk.

Hoofstuk 5

BEGROTINGS EN BEGROTINGSBEHEER

1. Inleiding

Tot hiertoe is nog hoofsaaklik aandag geskenk aan die wyses waarop kennis van die verlede versamel en verwerk kan word, terwyl die probleem van 'n wetenskaplike benadering van die verwagtings vir die toekoms nog op 'n oplossing wag - 'n oplossing wat gesoek moet word in die gebruik van begrotings.

Van "Budgeting" sê Matz, Curry en Frank (op cit., bl. 473): "It is an exacting and rigorous analysis of the past and a careful calculation of probable and desired future operations". As hierdie definisie nader ontleed word, vind ons dat die funksie van begroting by 'n ontleding van die verlede begin, wat noodwendig 'n deeglike kennis van die verlede as voorvereiste impliseer. Sodanige kennis is dan 'n voorvereiste, maar nie 'n deel nie, van die funksie van begroting, terwyl die ontleding daarvan wel deel van die funksie uitmaak.

Waar bogenoemde definisie beperk is tot die begrip "begroting" beteken begrotingsbeheer veel meer as net begroting, want dit sluit ook nog koördinering en kontrolering in, wat op hul beurt die toepassing van die begroting tot voordeel van die onderneming beteken. Begroting alleen is dus selde die doel, hoewel dit op sigself reeds waarde inhou. T. Lang (Cost accountants' handbook - New York, 1952, bl. 1228) beweer "The statement has been made on several occasions by practical operating executives that they would still be in favour of budgeting if it involved nothing more than careful preparation of forecasts and plans."

In sy geheel behels begrotingsbeheer dus :-

a. Begroting, wat uit twee onafskeidbare onderafdelings bestaan, nl. -

- (1) beraming van die verwagtings vir die begrotingsperiode, en
- (2) beplanning van optrede om die verwagtings so gunstig moontlik te maak.

b. Koördinering, wat moet verseker dat die onderneming as geheel, en nie as afsonderlike eenhede nie, optree om aan die beplande verwagtings te voldoen.

c. Kontrolering, wat die verantwoordelikheid vir voldoening aan die verwagtings duidelik moet omlin en die redes vir enige nie-voldoening moet ontleed.

Waar die laaste twee funksies meer organisatories van aard is, is dit veral die funksie van begroting wat nadere beskouing vereis.

2. Begroting

Vir begrotingsdoeleindes gaan beraming en beplanning hand aan hand en kan die twee nie in kronologiese volgorde gestel word nie omdat hulle onderling van mekaar afhanklik is en die een deur die ander beïnvloed word. Beraming sonder beplanning is nie begroting nie, en omgekeerd. Die rede vir hierdie onderlinge verwantskap moet gesoek word in die feit dat die toekoms uit beheerbare sowel as uit nie-beheerbare elemente bestaan. Die verkoopvolume van 'n sekere produk kan deur 'n verskerpte verkoopveldtog verhoog word en is in dié opsig beheerbaar, maar as 'n besonder matige winter ondervind word, sal die beste verkooporganisasie nie daarin slaag om 'n rekord vir kombesverkope op te stel nie - dit is die nie-beheerbare element.

Die beginsel om verwagtings vir die toekoms te verdeel in beheerbare en nie-beheerbare elemente is m.i. 'n logiese uitvloeisel uit die praktiese toepassing van begrotings, hoewel dit nie in hierdie verband deur geraadpleegde skrywers gebruik word nie. Blocker en Weltmer (op cit., bl. 136) beweer "The estimation of probable sales is the most difficult of any of the budget forecasts, and yet upon the accuracy of these figures depends the success of the entire budget system" sonder om die rede daarvoor teoreties te probeer verklaar. C. Scholma (Budgetering en Standaardkosten - Alphen, derde druk, bl. 26) kom nader aan die teorie, sonder om dit werklik aan te raak, waar hy sê: "Cronologies is de verkoop vaak de laatste phase van het produktieproces; zij is de actie waarbij het product overgaat naar de gebruiker. Toch is het niet onlogisch in de budgetering met de omzet te beginnen. De verkoop is nl. het begin van de productie in deze zin, dat de mogelijkheid van verkoop de prikkel is die tot produceren leidt. De als zekerheid aanvaarde mogelijkheid dat er kopers voor ons product zullen zijn

By die opstelling van 'n begroting moet dus eers aandag geskenk word aan die invloede van nie-beheerbare elemente en moet beramings daarvolgens gemaak word. Beplanning moet dan geskied om die beheerbare elemente

daarby aan te pas tot die grootste voordeel van die onderneming, en dan weer, in die lig van die beplanning, moet verdere beramings gemaak word. Indien die resultate nie gunstig is nie, moet die hele proses van beplanning en beraming herhaal en hersien word totdat die gewenste resultate verkry is.

3. Die begrotingsprogram

Onder die opskrif "Planning - the foundation" verklaar J.L. Peirce (Readings in cost accounting, budgeting, and control: Editor W.E. Thomas - Cincinnati, 1955, bl. 132) "Although budgeting can be separately applied to any unit of the business, it is far more effective when it rests on a foundation of integrated planning for the entire operation." Soos wat beplanning deel vorm van die interne struktuur van begroting vorm dit ook deel van die eksterne organisasie daarvan. Die organisatoriese beplanning van die begroting word saamgevat in die begrotingsprogram.

a. Verskillende tipes begrotings

In die gewone vervaardigingsonderneming bestaan die begrotingsprogram uit hoof- en uit ondergeskikte begrotings, wat saam 'n hegte eenheid vorm. By moderne skrywers bestaan daar uiteenlopende sienswyses oor die bou en samestelling van die begrotingsprogram soos blyk uit die volgende aanhalings :-

(1) Scholma: (op cit., bl. 19) "Elke afdelingschef - algemener: elke leidende functionaris met operationeel-economiese verantwoordelijkheid - heeft zijn budget. Hierin wordt de economische kant van zijn taak geformuleerd. Het moet derhalve alle betrokkenen duidelijk zijn dat voor een budget niet meer dan één man aansprakelijk kan zijn."

(2) Keller: (op cit., bl. 287) "For the development of a well-co-ordinated management plan for the budget period, it is essential that the factory cost budget be built in detail by work centres, by areas of responsibility for costs, and by the detailed components of cost in each centre or area."

In die eerste geval kan ons dan praat van 'n personeelbegroting terwyl die tweede aanhaling dui op 'n kosteplekkebegroting.

'n Verdere variant is die verdeling van begrotings in "begrotingselemente" volgens die verskillende aspekte wat beraam moet word en waaruit die be-

grotling uiteindelik opgebou word. Hierdie verdeling kan toegepas word op sowel hoof- as op ondêrgeskikte begrotings en is veral nuttig as 'n basis aan die hand waarvan enige begroting bespreek kan word. In die res van die teks word dan ook, waar nodig, van hierdie metode gebruik gemaak.

b. Enkele hoofbegrotings

(1) Die verkoopbegroting

Die verkoopbegroting bevat oor die algemeen die grootste nie-beheerbare element, wat veral die volume beïnvloed, en dien daarom as fundamentele begroting. In die gewone onderneming kan die verkoopbegroting verdeel word in die volgende begrotingselemente :-

(a) Verkoopprys

(b) Volume:

(i) Binnelandse verkope

(ii) Uitvoere

(iii) Voorraad:

Opbergingskoste

Volume

(c) Verkoopkoste

Die pryselement is wel beheerbaar maar is aan die eenkant afhanklik van produksiekoste terwyl dit aan die anderkant weer die verkoopvolume beïnvloed. Dit bring mee dat 'n finale verkoopbegroting nie onafhanklik van die ander begrotings opgestel kan word nie, terwyl die besonderhede wat daarin vervat is, noodsaaklik is om die ander begrotings op te baseer. Om hierdie rede moet die beplande verkoopprys as uitgangspunt dien, en dit moet bepaal word met inagneming van die vraag en die verwagte produksiekoste. Daarna, met inagneming van die beplande verkoopbeleid, kan die verkoopvolume begroot word. Die begrote verkoopvolume, saam met die voorraadbegroting, sal bepaal wat die begrote produksievolume sal wees, wat op sy beurt weer 'n invloed op die produksiekoste sal uitoefen. As die produksiekoste teen die begrote volume nie in verhouding is met die verkoopprys wat as uitgangspunt gebruik is nie, moet die hele situasie hersien word totdat die verhouding tussen verkoopprys, verkoopvolume, produksievolume en

produksiekoste sodanig is dat die gunstigste ekonomiese toestand verkry word.

(2) Die produksiebegroting

Produksiekoste kan alleen begroot word nadat die begrote produksievolume bekend is - lg. sal, nadat toegelaat is vir verhoging of verlaging in die voorraad van voltooide goedere, ooreenstem met die begrote verkoopvolume - omdat faktore soos kapasiteitsbenutting, die ondeelbaarheid van sekere produksiemiddele en die vaste aard van sekere koste 'n regstreekse verband tussen volume en koste daarstel. Produksiekoste moet dus beraam word teen die begrote produksievolume, en ten einde voorsiening te maak vir moontlike afwykings in volume word, ter aanvulling, gebruik gemaak van die veranderlike begroting wat op sy beurt die produksiekoste teen verskillende produksievolumes op 'n wisselskaal aantoon.

Vgl. A.J.E. Sorgdrager: (Die veranderlike begroting - Potchefstroom, s.j. bl. 2) "Dit ('n veranderlike begroting) is 'n begroting wat so opgestel is dat dit kan verander in ooreenstemming met die werklik bereikte aktiwiteits-hoogte" en "Die veranderlike begroting erken die splitsing van die vaste en veranderlike koste op verskillende hoogtes van die aktiwiteit."

Die veranderlike begroting is van onskatbare waarde in die pogings ter bereiking van die mees ekonomiese verhouding tussen verkoopprijs, verkoopvolume, produksievolume en produksiekoste soos hierbo uiteengesit, terwyl dit vir kontroledoelindes onontbeerlik is, soos Lang (op cit., bl. 1233) tereg beweer: "Real control is only possible when actual costs are compared with predetermined indications of what the expenses should have been at the attained volume."

4. Toepassing op die suiwelnywerheid

a. Probleemstelling

Waar die gebruik van begrotings voorgelou word as 'n oplossing van die probleem van 'n wetenskaplike benadering van die verwagtings vir die toekoms, moet daar eerstens duidelikheid verkry word oor die vereistes wat aan sodanige verwagtings gestel word, veral met betrekking tot die vorm wat dit moet aanneem.

Ten einde die Raad in staat te stel om van tyd tot tyd die nodige vas-stellings van pryse en marges te doen, is 'n kennis van wat die toekoms met

met betrekking tot die volgende aangeleenthede inhou, noodsaaklik :

- (i) Produksievolume en -samestelling
- (ii) Fabrikantekoste
- (iii) Verkoopvolume en -samestelling
- (iv) Verkoopkoste
- (v) Die Raad se administratiewe koste.

Weens die aard van die kennis wat verlang word en die doel waarvoor dit gebruik word, sal die begrotingsprogram van die Raad noodwendig moet afwyk van dié van die gewone onderneming. Die redes vir die verskille kan soos volg opgesom word :-

(1) Doel

Waar die doel van begroting normaalweg tweërlei van aard is, naamlik beplanning en kontrole, val die klem in hierdie geval uitsluitlik op beplanning, wat met bestuursbesluite in die gewone onderneming vergelyk kan word. Die Raad neem sekere belangrike besluite wat betrekking het op die toekoms, en kan dit slegs behoorlik doen indien hy 'n mate van kennis van die toekoms het. Omdat die Raad weinig beheer oor die uiteindelijke resultate het, moet die kontrolefunksie noodwendig op die agtergrond tree en word die begrotingsprogram gevolglik vereenvoudig.

(2) Uitgangspunt

Soos reeds gemeld, lê die grootste nie-beheerbare element in die gewone onderneming by die verkope, en daarom word die verkoopbegroting as uitgangspunt gebruik. In die Raad se geval is die posisie net omgekeerd, en is dit die produksievolume wat die grootste nie-beheerbare element bevat. Die probleem is dat nóg die Raad, nóg die fabrikante enige beheer oor die produksievolume kan uitoefen, omdat dit geheel en al van die beskikbare grondstowwe afhanklik is. Deur sy prysvasstelling vir die primêre produkte kan die Raad wel poog om produksie van die grondstowwe te stimuleer of te ontmoedig, maar die invloed daarvan sal slegs oor 'n lang termyn ondervind kan word en sal geensins groter wees as wat die invloed van verkoopprijs op verkoopvolume is nie, terwyl dit in eersgenoemde geval meer vertraag sal wees.

Waar dit dan, in breë trekke, in die gewone onderneming gebruiklik is om eers verkoopvolume te begroot en die produksievolume daarna in ver-

houding daarmee te bring, sal dit vir die Raad nodig wees om eers die produksievolume te beraam en daarna te begroot hoe die produksie van die hand gesit sal word. Weens die bederfbaarheid van die eindproduk en die gevolglike hoë koste verbonde aan die opberging daarvan, is dit wenslik om die totale produksie so spoedig moontlik te verkoop, al moet dit gedeeltelik geskied teen nie-lonende pryse - 'n aspek waarmee deeglik rekening gehou moet word in die verkoopbegroting.

(3) Produksiekoste

In die gewone onderneming is die produksiekostebegroting 'n weerspieëling van wat die produksiekoste teen die begrote produksievolume behoort te wees. Met behulp van die veranderlike begroting toon dit ook wat produksiekoste teen die werklike volume behoort te gewees het. Nadat die finale produksiebegroting opgestel is - in die proses waarvan die veranderlike begroting behulpsaam was in die bepaling van die mees ekonomiese verhoudings - is die beplanningsfunksie van die veranderlike begroting afgehandel en vervul dit verder net 'n kontrolefunksie.

Waar vervolgens die samestellende woord "-koste" gebruik word, word dit gedoen om terminologiese verwarring te voorkom. (Sien verduideliking aan die begin van Hoofstuk 3.)

In die Raad se begrotingsprogram moet die produksiekostebegroting aantoon wat produksiekoste vir die betrokke tydperk gaan wees, en nie wat dit behoort te wees nie, omdat die Raad geen kontrole daarvoor kan uitoefen nie en ook omdat dit slegs vir beplanningsdoeleindes gebruik gaan word. 'n Uiteindelijke vergelyking tussen werklike en begrote koste dien in hierdie geval geen ander doel nie as om die mate van sukses of mislukking van die begroting aan te toon, wat op sy beurt tot beter toekomstige begrotings kan lei. Vir die veranderlike begroting is daar ook geen plek nie, omdat sy kontrolefunksie om bogenoemde redes nie nodig is nie en ook omdat, weens die feit dat produksievolume nie beheerbaar is nie, sy beplanningsfunksie daarmee wegval.

(4) Is dit begroting?

Waar die bewering aanvanklik gemaak is dat beraming en beplanning onafskeidbaar is vir begroting, en dat die een sonder die ander nie as begroting bestempel kan word nie, ontstaan die vraag nou, na die vooraf-

gaande ontleding, of daar in alle opsigte van begroting gepraat kan word. By nadere beskouing van die belangrikste begroting in die program vind ons die volgende:-

(a) Produksievolumebegroting

In hierdie geval is die beramingsfunksie duidelik waarneembaar, maar nie die beplanningsfunksie nie. Daar is egter wel 'n beplanningsfunksie wat opgesluit lê in die vasstelling van die pryse van die grondstowwe, soos in (2) hierbo bespreek.

(b) Produksiekostebegroting

Hierdie begroting word, vir die doeleindes van die Raad, verdeel in drie afdelings, nl. grondstofkoste, vergoeding op kapitaal en fabrikantekoste. In al drie hierdie ondergeskikte begrotings is die beramingsfunksie aanwesig, terwyl in die eerste twee die beplanningsfunksie ook gesien kan word, in onderskeidelik die prysvasstelling van die grondstof en die vasstelling van die tarief van vergoeding op kapitaal. Wat fabrikantekoste betref, is daar egter geen beplanningsfunksie aanwesig nie en kan daar dus hoogstens van 'n "fabrikantekoste-beraming" sprake wees.

(c) Verkoopbegroting

By sowel die volume- as die prys- en kostebegroting is albei funksies sterk verteenwoordig.

(d) Ander begrotings

Die ander begrotings wat deel van die begrotingsprogram uitmaak, stem ooreen met dié in die gewone vervaardigingsonderneming, en sowel beraming as beplanning is daarin verteenwoordig.

b. Gevolgtrekking

Die feit dat die Raad in sy begrotingsprogram nie dieselfde doel nastreef of dieselfde uitgangspunt gebruik as die gewone vervaardigingsonderneming nie, beteken slegs dat die Raad die beginsels aanwend om in sy besondere behoeftes te voorsien. Ook die feit dat die Raad, by gebrek aan voldoende gegewens, genoodsaak is om hoofsaaklik met deursnee-offers in plaas van met koste te werk, doen geensins afbreuk aan die wetenskaplikheid van die benadering nie, hoewel dit meebring dat sekere aannames gemaak moet word.

Hoofstuk 6

DIE PRODUKSIEBEGROTING

1. Inleiding:

a. Inleidende opmerkings

In hierdie sowel as in die volgende hoofstuk sal sommige van die belangrikste begrotings in die Raad se begrotingsprogram breedvoerig bestudeer word. Daar sal veral aandag geskenk word aan daardie begrotings wat verskil van dié wat in die gewone vervaardigingsonderneming aangetref word, nl. die produksie-, verkoop- en voorraadbegroting. Die ander begrotings wat deur die Raad gebruik word, stem basies ooreen met dié van die gewone onderneming soos wat dit in feitlik alle handboeke oor hierdie onderwerp aangetref word, en verg derhalwe geen verdere bespreking nie.

b. Die produksiebegroting van die Raad

Die Raad se produksiebegroting word uit die volgende begrotingselemente opgebou :-

- (1) Volume
- (2) Koste
 - (a) Grondstofkoste:
 - (i) Opbrengs
 - (ii) Prys
 - (b) Verwerkingskoste:
 - (i) Fabriekskoste
 - (ii) Administrasiekoste
 - (c) Vergoeding op kapitaal:
 - (i) Kapitale belegging:
 - Vaste kapitaal
 - Bedryfskapitaal
 - (ii) Tarief van vergoeding

2. Die produksievolumebegroting

a. Ooreenstemming met die gewone verkoopvolumebegroting

Soos reeds in Hoofstuk 5 aangetoon, bevat die produksievolume die grootste nie-beheerbare element en stem dit in hierdie opsig ooreen met die verkoop-

volume in die gewone onderneming. Daarom word die produksievolume as fundamentele begroting in die Raad se begrotingsprogram gebruik en kan daar ook in hierdie geval van dieselfde prosedures wat gewoonlik in die verkoopvolumebegroting aangewend word, gebruik gemaak word.

b. Prosedure by die gewone verkoopvolumebegroting

N. Rautenstrauch en R. Villers (Budgetary control - New York, 1957, Hst. 5) se prosedure by die formulering van 'n jaarlikse verkoopbegroting kan kortliks soos volg opgesom word:

(1) As basis word geneem die vorige jaar se werklike verkope, Sp.

(2) Die hoeveelheidsvariasie, F, word bepaal en die syfer van die vorige jaar daarby aangepas: Sp. + F Die faktor F word verdeel in:

(a) Aansuiweringsfaktore a, om die vorige jaar se syfer tot normaal te bring deur die uitwerking van alle spesiale omstandighede wat die verkope van die vorige jaar beïnvloed het, en waarvan die invloed slegs tot daardie jaar beperk was, uit te skakel.

(b) Veranderingsfaktore, c, om die syfer Sp. + a, wat die verkope van 'n normale jaar verteenwoordig, aan te pas by faktore wat na verwagting die verkope in die volgende jaar gaan beïnvloed :-

(i) Veranderings in die produk

(ii) Veranderings in die produksie

(iii) Veranderings in die mark

(iv) Veranderings in die bemarking

(c) GroEIFaktore, g, om die invloed van die normale groei van die nywerheid as geheel en die onderneming binne die nywerheid, in berekening te bring.

$$\text{Dus } F = \underline{+ a + c + g}$$

(3) Ekonomiese faktore, E, sal die verkoopvolume van die begrotingsjaar beïnvloed, en sommige sal 'n stygende en andere 'n dalende tendens hê. Die invloede van al hierdie tendense, x, y en z, word opgeweeg om 'n verteenwoordigende syfer vir die spesifieke geval te bepaal.

$$\text{Dus } E = \underline{x \ x \ y \ x \ z}$$

(4) Administratiewe faktore A. verteenwoordig die beplanningsfunksie wat, nadat $(Sp. + F)$ E bepaal is, bestaan uit die invloed van bestuursbesluite met betrekking tot verkoop- en produksieopogings.

(5) Die begrote volume, S, sal dan vasgestel word nadat al die bogenoemde faktore in aanmerking geneem is :-

$$S = (Sp. + F) \cdot E \cdot A$$

c. Toepassing op die Raad se produksievolumebegroting

Die prosedure van Rautenstrach en Villers kan feitlik onveranderd op die produksievolumebegroting van die Raad toegepas word, soos blyk uit die volgende voorbeeld van die produksievolumebegroting van botter vir die 1962/63-seisoen.

(1) As basis word geneem die produksie van die vorige jaar, wat 103,750,000 pd. beloop het - Pp.

(2) Hoeveelheidsvariasie F.

(a) Aansuiweringsfaktore a.

(i) Gedurende 1961/62 was klimaatomstandighede redelik normaal. Die begin van die seisoen het nog in die teken gestaan van die vorige jaar se buitengewone gunstige suiwelseisoen en gevolglik was produksie gedurende die eerste drie maande hoër as normaal. Teen die einde van die 1961/62-seisoen het droogtetoestande produksie tot onder normaal laat daal, soos blyk uit Tabel XV waarin die maandelikse produksie as persentasie van die jaarlikse produksie uitgedruk word. Die produksie gedurende die eerste drie maande van die seisoen moet dus met ongeveer 1 miljoen pond per maand verminder word, en dié van die laaste maand moet met 1 miljoen pond verhoog word om die toestand normaal te kry. $(a(i) = -3 \text{ m.} + 1 \text{ m.})$

(ii) 'n Ander faktor wat gedurende die jaar sy invloed kon laat geld het, was 'n aansienlike vermindering in produsentepryse, wat vanaf 1 Desember 1961 in werking getree het. Die invloed van enige verhoging of verlaging van produsentepryse kan egter nie onmiddellik gevoel word nie, en dit word betwyfel of dit enige invloed op die produksievolume van 1961/62 kon uitgeoefen het. Dit is egter wel 'n faktor waarmee rekening gehou moet word in die volgende seisoen.

Die waarde van a is dus - 2,000,000 pd.

TABEL XV

Maand	Gemiddeld 1955/56 tot 1959/60	1960/61	1961/62
Oktober	7.7	7.7	8.8
November	8.9	8.7	9.4
Desember	11.0	10.1	11.5
Januarie	11.3	10.8	11.0
Februarie	10.1	9.2	9.3
Maart	9.9	9.0	9.8
April	8.1	7.5	7.3
Mei	6.6	7.1	6.6
Junie	6.3	6.7	6.5
Julie	6.5	7.3	6.6
Augustus	6.7	7.9	6.8
September	6.9	8.0	6.4
	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>	<u>100.0</u>
Produksie	84,955,000	106,227,000	103,750,000

(b) Veranderingsfaktore c

(1) Weens die onvoorspelbaarheid van klimaatsomstandighede vir 'n betrokke seisoen is dit raadsaam om die begroting op 'n normale seisoen te baseer, ongeag van wat die voorspellings vir die seisoen ook al mag wees. Enige afwyking van die normale klimaatsomstandighede sal noodwendig die produksievolume beïnvloed, maar om toe te laat vir enige verwagte afwyking kan uiteindelik lei tot 'n minder akkurate begroting waarby daar ook minder regverdiging vir die afwyking bestaan. Die invloed van klimaat op produksievolume volg gewoonlik taamlik vinnig, en daarom kan slegs die afwyking van hoogstens die eerste twee maande van die nuwe seisoen in berekening gebring word.

Aan die einde van die 1961/62-seisoen is droogtetoestande ondervind, wat waarskynlik ook die produksie van die eerste twee maande van die nuwe seisoen sou beïnvloed het deur dit vir die twee maande gesamentlik op 2,000,000 pd. benede normaal te bring. Die waarde van faktor c (1) is dus - 2,000,000 pd.

(ii) Die invloed van die prysverlaging van grondstowwe in die 1961/62-seisoen sal eers in die nuwe seisoen ten volle ondervind word en moet daarom in berekening gebring word. 'n Aspek wat hier in gedagte gehou moet word, is die feit dat 'n suiwelkudde nie oornag opgebou of tot niet gemaak kan word nie. Selfs al sou 'n produsent sy kudde verkoop, bly dit in die hande van die koper 'n suiwelkudde wat die grondstowwe lewer. Die enigste werklike invloed op die volume word uitgeoefen deur die wyse waarop kuddes gevoer word, waar die neiging sal wees om minder aan voer te bestee, met 'n gevolglike laer produksie. Om die invloed hiervan in terme van produksievolume uit te druk, is 'n vraagstuk wat slegs op 'n arbitrêre grondslag opgelos kan word.

As in aanmerking geneem word dat daar in die botternywerheid hoofsaaklik gedurende die wintermaande van voer gebruik gemaak word, sal die invloed die sterkste gevoel kan word gedurende die maande April tot Augustus. As produsente wat 50% van die totale produksie verteenwoordig, se produksie vir die vyf maande met 10% daal as gevolg hiervan, sal die invloed 'n daling van ongeveer 3% in die normale produksie van die vorige jaar ($P_p \pm a$) wees.

Die totale faktor c se waarde is dan - 5,000,000.

(c) Groefaktor g

As gevolg van die geleidelike groei van suiwelkuddes kan verwag word dat produksievolume oor die jare ook 'n geleidelike styging sal toon. Hierdie styging kom ooreen met die bevolkingsaanwas, wat 'n belangrike rol speel in die groeifaktore wat in aanmerking geneem moet word by die verkoopbegroting van die gewone onderneming. Die enigste verskil is dat bevolkingsaanwas, veral in ons land, nie aan beskikbare ruimte onderworpe is nie, terwyl dit in die geval van die suiwelkudde wel is. Dit word egter in 'n mate geneutraliseer deur die invloed van verbeterde boerderymetodes, wat meebring dat dieselfde ruimte geleidelik deur meer produktiewe kuddes benut word. Dit is vasgestel dat die groeiakoers van suiwelproduksie, oor 'n lang tydperk geneem, ongeveer 3% per jaar, gebaseer op die produksie van die vorige jaar, beloop. Die waarde van die groeifaktor g moet dus op ongeveer + 3,000,000 pd. gestel word.

Om nou die waarde van die hoeveelheidsvariasie F te bepaal, moet die gesamentlike waarde van die faktore aldus bereken word :

$$\begin{array}{rcccccc} \underline{a} & + & \underline{c} & + & \underline{g} & = & \underline{F} \\ - 2,000,000 & & - 5,000,000 & & + 3,000,000 & & - 4,000,000 \end{array}$$

(3) Ekonomiese faktore, E.

'n Faktor wat die produksievolume van suiwelprodukte oor 'n lang termyn aansienlik kan beïnvloed, is die verhouding tussen suiwel- en vleispryse, veral beesvleispryse. Produsente is voortdurend besig om die winsgewendheid van die verskillende boerderyvertakkings teen mekaar op te weeg, en aangesien vleisproduksie en suiwel redelik na aan mekaar staan, kan 'n geleidelike omgeswaai van die een na die ander redelik maklik geskied. 'n Studie van bylae E toon dat die prysindeks van geslagte vee tans heelwat hoër is as dié van suiwelprodukte. Aangesien dit reeds vir die afgelope aantal jare die geval is, kan dit op sigself nie so 'n groot invloed in een besondere jaar uitoefen nie, maar as daarby in aanmerking geneem word dat, as gevolg van die uitbreking van bek-en-klouseeer in Suidwes-Afrika, daar binne die eerste paar maande van 1962/63 'n aansienlike styging in vleispryse verwag kan word, moet die invloed daarvan op die produksievolume van botter noodwendig gevoel word. 'n Faktor wat hierin ook 'n belangrike rol speel, is die feit dat, veral t.o.v. die produksie van bottervet, daar in 'n aansienlike mate van dubbeldoelbeesrasse gebruik gemaak word - 'n aspek wat die omgeswaai na vleisproduksie nog makliker kan laat geskied. Die bepaling van die waarde van hierdie faktor kan alleen op 'n arbitrêre wyse geskied maar kan nie daarom oor die hoof gesien word nie. 'n Daling van $1\frac{1}{2}\%$ in produksie skyn nie 'n onrealistiese beraming van die gevolg van die invloed daarvan te wees nie, en die waarde van faktor E moet dus

X $\frac{98.5}{100}$ wees.

(4) Administratiewe faktore A.

Soos reeds aangetoon, is die enigste instrument waardeur die Raad enigszins beheer oor produksie kan uitoefen, sy vasstelling van produsentepryse. Soos verder aangetoon, is die invloed van veranderde pryse op die produksievolume heelwat vertraag. Lg. geld egter nie vir die onderlinge verhouding tussen die pryse van bottervet en kaasmelk nie, omdat dit makliker

is om oor te skakel van die produksie van die een na die produksie van die ander as om bv. die gesamentlike produksie te verhoog of te verlaag. Die verhouding tussen die pryse van bottervet en kaasmelk bepaal in 'n mate die vorm waarin produsente sal verkies om hul produkte te bemark. Alle produsente van bottervet kan nie kaasmelk lewer as hulle dit verkies nie, maar sommige kan wel. Alle kaasmelkprodusente kan egter bottervet lewer indien dit vir hulle meer lonend is.

Tabel XVI toon die prysverskille wat daar gedurende die afgelope aantal jare tussen die verskillende grondstowwe bestaan het. Daaruit blyk dit dat die voorgestelde pryse vir 1962/63 meebring dat die premie van kaasmelk oor bottervet hoër sal wees as dié vir die afgelope drie jaar. Die doel van die prysvasstellings was om die produksie van kaasmelk bo dié van bottervet aan te moedig, omdat die plaaslike mark meer ontwikkelingsmoontlikhede vir kaas as vir botter bied. Die gevolg van die hoër premie sal wees dat sommige produsente van bottervet, wat ook in 'n posisie is om kaasmelk te lewer, deur die hoër prys van kaasmelk aangemoedig sal word om liever kaasmelk te lewer. Dit sal alleen geld vir die grensgevalle, waar die mate van aanmoediging voldoende sal wees om die ommeswaai te bewerkstellig, en die invloed daarvan kan op hoogstens 1% in die verlaging van die produksie van bottervet gestel word, wat die waarde van A op $X \frac{99}{100}$ te staan sal bring.

(5) Die begrote volume P.

$$(P_p + F) \cdot E \cdot A = P$$
$$(103,750,000 - 4,000,000) \times \frac{98.5}{100} \times \frac{99}{100} = 97,270,000$$

Syfers wat later beskikbaar geword het toon dat die werklike produksie 95,901,000 pd. beloop het - 'n begrotingsafwyking van ongeveer 1 $\frac{1}{2}$ %, wat hoofsaaklik toegeskryf moet word aan droogtetoestande aan die einde van die seisoen.

TABEL XVI

PRYSVERSKILLE: (c per 100 pd. melk)		
Seisoen (Nov. Okt.)	Premie van	
	Kaasmelk oor bottervet	Kondenseermelk oor kaasmelk
1940/41	10.3	11.5
1941/42	17.3	4.8
1942/43	19.3	8.1
1943/44	16.8	8.1
1944/45	16.2	8.2
1945/46	13.2	8.2
1946/47	13.7	8.2
1947/48	8.2	12.5
1948/49	8.3	12.5
1949/50	16.6	8.3
1950/51	18.7	8.3
1951/52	27.2	8.3
1952/53	33.0	8.3
1953/54	32.2	8.3
1954/55	31.0	10.0
1955/56	28.1	10.0
1956/57	31.5	10.9
1957/58	34.7	12.5
1958/59	45.5	11.7
1959/60	40.0	10.0
1960/61	35.5	10.0
1961/62	34.8	10.0
1962/63*	42.0	10.0

* Voorlopig

3. Die Produksiekostebegroting

Ook in hierdie paragraaf word die woord "koste" met die nodige voorbehoud gebruik.

a. Grondstofkoste

Die eenheidskoste sal bepaal word deur die opbrengs en die prys van die grondstowwe.

(1) Opbrengs

Die standaardopbrengs wat vir historiese doeleindes gebruik word, kan ook vir begrotingsdoeleindes in berekening gebring word, tensy faktore

soos verbeterde produksiemetodes of veranderinge in die standaard-kwaliteit van die grondstof 'n hersiening van hierdie standaardopbrengs noodsaak.

(2) Prys

Die prysvasstellings vir die nuwe seisoen moet in 'n standaardprys vir die grondstof verwerk word.

b. Verwerkingskoste

Die verwerkingskoste word verdeel in fabriekskoste en administrasiekoste van fabrikante. Vir albei hierdie koste word die historiese koste van die vorige seisoen aangesuiwer om aan te pas by volume-variasies en veranderde omstandighede.

(1) Volumevariasies

Die historiese koste van die vorige seisoen het betrekking op die eenheidskoste teen 'n sekere produksievolume. Waar die begrote volume verskil van die werklike volume van die vorige seisoen, moet 'n aanpassing gemaak word. Die aanpassing sal beïnvloed word deur die verhouding tussen vaste en veranderlike koste, 'n verhouding waarvoor daar vooraf 'n standaard gestel word en wat dan dieselfde doel dien as die veranderlike begroting.

(2) Veranderde omstandighede

Hierby ingesluit is variasies in die koste van ander materiale, arbeid en bedryfsonkoste wat in die nuwe seisoen sal geld en waarvan die invloed van sommige faktore reeds die koste van die vorige seisoen gedeeltelik geraak het en daarom in daardie mate weerspieël is in die historiese koste wat as basis gebruik word. 'n Gesonde beginsel wat in hierdie verband toegepas kan word, is om slegs voorsiening te maak vir variasies waartrent daar absolute sekerheid bestaan, en om vir alle ander variasies wat waarskynlik ondervind sal word, een gesamentlike hangende pos te skep.

c. Vergoeding op kapitaal

Die vergoeding per eenheid sal bepaal word deur die kapitale belegging per eenheid te vermenigvuldig met die tarief van vergoeding soos bepaal deur die Raad.

(1) Kapitale belegging

(a) Vaste kapitaal

Die kapitaalkoste verbonde aan vaste bates is 'n vaste koste, en die eenheidskoste daarvan is dus regstreeks van produksievolume afhanklik. Die standaardbelegging per eenheid, soos bereken in Hoofstuk 4, moet derhalwe aangepas word volgens die verhouding van begrote produksievolume tot standaardproduksievolume, op die volgende wyse :

Standaardbelegging per eenheid : 4c per pd.

Standaardproduksieomvang van nywerheid: 105,000,000 pd.

Begrote produksievolume vir 1962/63: 97,270,000 pd.

Begrote belegging per eenheid: $\frac{105,000,000}{97,270,000} \times 4c = 4.318c$ per pd.

(b) Bedryfskapitaal

Soos in Hoofstuk 4 uiteengesit, word 'n standaardbelegging per eenheid vasgestel deur die netto realisering en die gemiddelde tydperk wat tussen produksie en ontvangs van die realisering verloop, in berekening te bring. Die begrote netto realisering sal afhang van die vasgestelde pryse en begrote heffings en verkoopkoste, terwyl die tydperk wat tussen produksie en ontvangs van die realisering verloop, bepaal sal word deur die produksieverkope-voorraad-verhoudings. Laasgenoemde verhoudings kan alleen bereken word nadat die verkoop- en die voorraadbegrotings opgestel is.

(2) Tarief van vergoeding

Die tarief van vergoeding word deur die Raad vasgestel en die vasstelling vir die nuwe seisoen moet in die berekeninge gebruik word. Die oorwegings wat by die vasstelling van die tarief geld, is reeds in Hoofstuk 3 breedvoerig bespreek.

4. Samevatting

Langs hierdie weg is die probleem van die produksiebegroting wat ook as basis vir die ander begrotings dien, dan opgelos en kan die begrote produksievolume gebruik word in die opstelling van die ander begrotings. Dit is vanselfsprekend dat, waar die produksievolume in die suiwelnywerheid ten nouste gekoppel is aan klimaatstoestande wat absoluut onbeheerbaar is, daar 'n mate van afwyking in die uiteindelijke resultate verwag kan word. Dit behoort egter geen rede te wees waarom die metode wat in hierdie hoofstuk uiteengesit word, verwerp moet word ten gunste van 'n minder wetenskaplike metode nie.

Hoofstuk 7

ANDER BEGROTINGS

1. Inleiding

Nadat die begrote produksievolume bekend geword het, kan ook die ander begrotings opgestel word. Nog twee van die belangrikste begrotings wat in die Raad se begrotingsprogram voorkom, is die verkoop- en die voorraadbegroting. Slegs die belangrikste oorwegings wat by die opstelling van hierdie twee begrotings geld, sal kortliks in hierdie hoofstuk behandel word.

2. Die verkoopbegroting

a. Begrotingselemente

Die verkoopbegroting van die Raad kan in die volgende begrotingselemente verdeel word :-

- (1) Prys
- (2) Volume
 - (a) Binnelandse verkope
 - (i) Gewone verkope
 - (ii) Spesiale skemas
 - (b) Invoere
 - (c) Uitvoere
 - (d) Voorraad
 - (i) Opbergingskoste
 - (ii) Volume
- (3) Koste

b. Algemene opmerkings

Anders as by die verkoopbegroting van die gewone onderneming moet die verkope van die Raad by die produksievolume aangepas word. Die beraming en beplanning moet dus daarop ingestel wees om die totale produksie so spoedig moontlik van die hand te sit - 'n faktor wat die hele wese van die verkoopbegroting verander deurdat dit die verkoopvolume as 'n voldwonge feit daarstel.

Deels om bogenoemde rede en deels as gevolg van die gebruik van die poelstelsel vir die berekening van die finale realisering word die verkoopbegroting nie opgestel om verkope gedurende die begrotingsperiode te dek

nie, maar wel om die verkope van die produksie van die begrotingsjaar te dek.

'n Ander faktor wat in aanmerking geneem moet word, is die feit dat invoere en uitvoere nie om bloot ekonomiese redes geskied nie maar deels ter nakoming van bestaande ooreenkomste en deels omdat die Raad daarvoor verantwoordelik is, om te verseker dat voldoende voorrade vir binnelandse verbruik beskikbaar is. Dit bring mee dat daar in werklikheid twee soorte invoere en uitvoere is - dié wat noodwendig moet plaasvind, ongeag van wat die voorraadposisie is, en dié wat moet plaasvind om die voorraadposisie binne perke te hou. Weens die besondere omstandighede van die geval word die behandeling van sowel invoere as uitvoere in die verkoop-begroting as ten volle geregverdig beskou.

In breë trekke kom die Raad se begroting van verkoopvolume dan daarop neer dat die begrote produksie plus verpligte invoere, aan die eenkant, opgeweeg moet word teen die begrote binnelandse verbruik en verpligte uitvoere, aan die anderkant, met deeglike inagneming van die voorraadposisie gedurende die loop van die seisoen. Indien die voorrade in enige stadium benede die minimum wat noodsaaklik vir doeltreffende distribusie is, sal daal, moet voorsiening vir die invoer van voorrade gemaak word selfs al sou dit meebring dat daar later weer 'n surplus ondervind word. As voorrade op 'n ander tydstip die maksimum wat ekonomies opgeberg kan word, sal oorskry, moet daar óf deur middel van spesiale pogings om die binnelandse verbruik te verhoog, óf deur middel van uitvoere daarvoor voorsiening gemaak word. 'n Belangrike oorweging in hierdie verband is die langtermyn-invloed van pogings om nuwe markte, hetsy binne- of buitelandse te ontwikkel. Spesiale pogings in hierdie verband kan nie as 'n korttermyn-maatreël beskou word nie, want ontwikkeling van 'n nuwe afsetgebied bring ook die verantwoordelikheid mee om selfs in tye van skaarste voort te gaan om die nuwe mark te voorsien, anders kan meer kwaad as goed daardeur bereik word. Hierdie feit is grootliks verantwoordelik vir die "verpligte uitvoere" waarna verwys word.

Wat verkooppriese betref, word hierdie pryse vir binnelandse verkope (sowel gewone verkope as spesiale skemas) vasgestel en word die vasgestelde pryse as sodanig in die begroting gebruik. In sy vasstelling van die pryse

laat die Raad hom lei deur die begrote produksiekoste, aan die eenkant, en die verwagte verhouding tussen vraag en aanbod en aanverwante ekonomiese faktore, aan die anderkant. Die pryse wat vir ingevoerde produkte betaal moet word en die realiserings t.o.v. uitvoere word beraam met inagneming van heersende en verwagte toestande en pryse op die wêreldmark; bestaande ooreenkomste en die ondervinding van die verlede.

3. Die voorraadbegroting

Die voorraadbegroting beklee 'n belangrike posisie in die begrotingprogram, hoofsaaklik vanweë sy belangrikheid vir die verkoopbegroting en sy verwantskap aan die produksiebegroting. In die beheerde bemerking van produkte van 'n seisoensaard moet dit die verhouding tussen produksie en verkope aandui en sodoende die grondslag vorm waarop bestuursbesluite met betrekking tot die in- en uitvoer van botter en kaas berus.

Vir die doeleindes van die voorraadbegroting is dit nodig om sowel begrote produksie- as verkoopvolume tot maandelikse syfers te herlei, sodat die voorraad maandeliks bereken kan word. Tabel XVII dien ter illustrasie van die voorraadberaming vir botter vir die 1962/63-seisoen.

TABEL XVII

Botter: 1962/63-voorraadberaming

Maand	Produksie	Verpligte invoere	Plaaslike verkope	Verpligte uitvoere	Eind-voorraad
	'000 pd.	'000 pd.	'000 pd.	'000 pd.	'000 pd.
1962:					
Sept.	-	-	-	-	8,925
Okt.	7,600	100	8,250	150	8,225
Nov.	8,500	100	8,300	150	8,375
Des.	10,200	125	8,300	150	10,255
1963:					
Jan.	11,200	150	8,350	150	13,100
Febr.	10,270	200	8,000	100	15,470
Maart	8,800	300	8,400	100	16,070
April	7,500	400	8,450	100	15,420
Mei	6,300	425	8,500	70	13,575
Junie	5,800	350	8,550	70	11,105
Julie	6,400	250	8,600	50	7,835
Aug.	7,200	200	8,600	50	7,835
Sept.	7,500	200	8,700	40	6,795
Totaal	97,270	2,800	101,000	1,200	

Voordat enige besluite geneem kan word op grond van die inligting vervat in Tabel XVII, moet die volgende feite in aanmerking geneem word:-

a. Die minimum voorraad botter benodig om distribusie vlot te laat verloop, is ongeveer tien miljoen pond.

b. Die koste verbonde aan die opberging van botter wat nie onmiddellik vir distribusie benodig word nie, is ongeveer R2,400 per miljoen pond per maand.

c. Die prys van, en koste verbonde aan die invoer van botter sal min of meer ooreenstem met die binnelandse groothandelprys van botter, aangesien sekere verliese in verband daarmee deur die Staat gedra word.

d. Die uitvoer van botter na markte wat nie die verpligting van voortgesette lewering sal meebring nie, sal teen 'n verlies van ongeveer 4c per pond, of R40,000 per miljoen pond geskied.

Die volgende afleidings kan nou gemaak word

a. Selfs al word geen botter uitgevoer nie, sal daar nogtans in Augustus en September 1963 'n hoeveelheid ingevoer moet word om die voorrade vir daardie maande aan te vul.

b. Gedurende die maande Januarie tot Mei 1963 sal heelwat surplusvoorrade opgeberg moet word, wat die vraag laat ontstaan of dit nie ekonomies geregverdig sou wees om liever van daardie voorrade teen 'n verlies uit te voer en om later weer in te voer nie.

Aangesien die surplus van ongeveer 3 miljoen pond aan die einde van Januarie 1963 vir die langste tydperk opgeberg sal moet word, is dit wenslik om die eerste berekening daarop te baseer. Die opbergingskoste van die 3 miljoen pond vir 5 maande (van die helfte van Januarie tot die helfte van Junie) sal R36,000 beloop. Die uitvoerverlies op 3 miljoen pond botter teen 4c per pd. sal R120,000 wees, en daar kan summier vasgestel word dat die uitvoer nie lonend sal wees nie. Enige uitvoer van latere surplusse sal nog groter verliese meebring.

4. Gevolgtrekking

Deur sy verkoop- en voorraadbegroting moet die Raad dus die binnelandse toevoerposisie van botter en kaas vir die komende seisoen reël - 'n funksie wat deeglike beplanning vereis en wat geen ruimte laat vir blinde raaiwerk of wensdenkery nie. Dit is wel moontlik en soms ook absoluut nodig om veral die volume-elemente van die verkoop- en voorraadbegroting gedurende die loop van die seisoen te hersien om aan te pas by afwykings van die begrote produksievolume, maar selfs dan moet die hersiening 'n geruime tyd voor die verwagte afwyking geskied.

Hoofstuk 8

SAMEVATTING

1. Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke is gepoog om die vraagstuk van gemeenskaplike koste op wetenskaplike wyse te benader en langs dié weg 'n behoorlike oplossing daarvoor te vind. Dit is dan ook my oortuiging dat die probleem op hierdie wyse bevredigend opgelos is.

2. Kunsoplossings

Soos aangetoon, is die Raad genoodsaak om in 'n groot mate van kunsoplossings gebruik te maak, nie alleen met betrekking tot die verdeling van gemeenskaplike koste nie, maar ook in sy bepaling van die eenheidskoste. In eersgenoemde geval moet die Raad 'n verdeling maak tussen koste wat teoreties nie verdeelbaar is nie, terwyl in laasgenoemde geval hoofsaaklik met deursnee-offers in die plek van eenheidskoste gewerk moet word. Kunsoplossings is alleenlik aanvaarbaar wanneer 'n vraagstuk teoreties nie verder gevoer kan word nie en dan alleen ook wanneer sodanige kunsoplossings van 'n prognose uitgaan en verder volgens erkende wetenskaplike beginsels verloop. Hierdie vereistes is voortdurend in gedagte gehou by die oplossing van die verskillende vraagstukke en gevolglik behoort die kunsoplossings waarvan gebruik gemaak word, in alle opsigte aanvaarbaar te wees.

3. Resultate

Die mees kritiese evaluasie van enige benadering geskied by die beoordeling van die resultate daarvan. Deur gebruik te maak van 'n deursnee-offer vir die hele nywerheid om die vergoeding van fabrikante op te baseer, stel die Raad in werklikheid 'n standaard wat individuele fabrikante moet nastreef en wat uit 'n kontrole-oogpunt dieselfde uitwerking op die nywerheid as geheel het as wat 'n stelsel van standaardkoste en begrotingsbeheer op 'n individuele onderneming sou hê. Die Raad het geen bevoegdheid om die interne organisasie van enige van die ondernemings onder sy beheer te reël nie, maar laat die eksterne organisasie met die kosprys op die interne organisasie inwerk om sodoende stabiliteit in die nywerheid te verseker, sonder om private inisiatief te demp en daardeur verstarung

te veroorsaak, wat een van die grootste nadele van strenge beheermaatreëls is.

Die Raad se metode het die uitwerking dat enige optrede wat in 'n toestand van vrye mededinging vir 'n onderneming tot voordeel sou strek, onder dië stelsel van beheer dieselfde voordeel sal inhou en dat slegs die nadele van ongesonde mededinging en monopolistiese neigings deur die beheer uitgeskakel word.

'n Fabriek wat bv. een-dertigste van die totale produksie van die Republiek lewer, sal, deur sy verspillings met 10 per pond te verminder, die vervaardigersmarge met slegs een-dertigste van 'n sent laat daal, terwyl hy die voordeel van nege-en-twintig dertigstes van die besparing sal ontvang, wat as aansporing tot doeltreffendheid vir elke individuele onderneming sal dien. In 'n onbeheerde nywerheid sou die fabriek die volle voordeel van die besparing ontvang het, maar dit kon, as gevolg van die mededinging, weer tot 'n prysvermindering aanleiding gegee het.

Terwyl die voordeel van nege-en-twintig dertigstes van enige besparing 'n individuele fabriek tot groter doeltreffendheid sal aanspoor, sal die een-dertigste waarmee die vervaardigersmarge besnoei word, alle ander fabriek feitlik dwing - soos wat 'n prysvermindering in 'n toestand van vrye mededinging hulle sal dwing - om ook minstens in daardie mate verspilling uit te skakel. Slaag hulle daarin, word die vervaardigersmarge verder besnoei en veroorsaak dit weer 'n dwang tot groter doeltreffendheid. In sy geheel word dus 'n kettingreaksie op tou gesit wat daartoe lei dat alle fabrikante soveel moontlik verspilling uitskakel. Die doeltreffendste fabriek sal altyd die pas aangee en alle ander fabriek sal noodwendig daardie pas moet probeer volg. Nogtans word hierdie doeltreffendheid geleidelik afgedwing en veroorsaak dit nie 'n skok wat fabriek te gronde kan laat gaan nie, soos wat die geval sou gewees het indien die Raad met koste i.p.v. met 'n deursnee-offer gewerk het.

Terwyl die suiwelvervaardigingsnywerheid dus aan die een kant beskerm word teen ongesonde mededinging, word, aan die anderkant, die prikkel tot doeltreffendheid wat uit sterk mededinging voortspruit, behou.

4. Ten slotte

Die vraagstuk van gemeenskaplike koste, veral vir sover dit betrekking het op die probleem van versameling en verwerking van gegewens van 'n historiese aard en die gebruik daarvan om 'n realistiese verwagting vir die toekoms op te bou, soos dit hom voordoet in die praktiese toepassing van wetenskaplike beginsels op die werksaamhede van die Raad van Toesig op die Suiwelnywerheid, is na my mening langs hierdie weg dan behoorlik opgelos, en die Raad slaag daarin om op wetenskaplike grondslag stabiliteit in die nywerheid te verseker.

English Summary

The problem of common costs (joint costs necessitated by technical considerations) presents itself in almost every form of manufacturing enterprise. For effective management, it is essential to have a costing system based on sound costing principles, because the correct calculation of the cost price forms the basis of a sound pricing, sales and production policy. Policy formulation is always directed towards the future and requires an intelligent analysis of the prospects for the future. Budgeting enables the manufacturer to determine these prospects on a scientific basis. This study is, therefore, aimed at finding a scientific basis for the collection and collation of common cost data relating to the past, to render possible a realistic assessment of future prospects. With this end in view, the theme is developed in its practical application to the dairy manufacturing industry and is approached from the point of view of the Dairy Industry Control Board.

In Chapter 1, the establishment and functions of the Dairy Industry Control Board are outlined, to provide the necessary background for the discussions that follow.

Chapter 2 is devoted to the problem of determining the most acceptable costing methods. In this chapter, certain Anglo-Saxon and Normative concepts are contrasted and the former are rejected as lacking in scientific character. The difference between common production/costs necessitated by technical considerations and joint production/costs resulting from economic considerations is outlined, and the different methods of approach for each are indicated.

Chapter 3 describes the role played by costing data as a tool in the hands of the Board in endeavouring to bring about stability in the industry by ensuring that both primary producers and manufacturers receive their rightful share without consumers having to pay exorbitant prices for the final product.

The collection and collation of the data required by the Board for the proper performance of its functions is discussed in Chapter 4 with special reference to the problems preventing the Board from calculating

actual costs and obliging it to accept an average "sacrifice" instead.

The use of a budgetary system to render possible a realistic assessment of future prospects is outlined in Chapter 5, which also explains the nature and functions of budgets and their application to the dairy industry.

In Chapters 6 and 7 some of the more important budgets of the Board, viz. the production, the sales and the stock budgets, are examined. In contrast with the budget programme of the ordinary manufacturing concern, the production budget of the Board contains the largest non-controllable element and it, therefore, serves as the key budget.

The final chapter, Chapter 8, avers that the problem of common costs has been solved scientifically and that the Board is successful in attaining its object of stabilising the dairy industry.

LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE

- Alford, L.P., Principles of industrial management for engineers, N.Y., 1940
- Anthony, R.N., Management accounting, Illinois, 1956
- Bennett, C.W., Standard costing: how they serve modern management, N.Y., 1958
- Blocker, J.G., and Weltmer, W.K., Cost accounting, N.Y./London, 1954
- Buro vir Statistiek, Nasionale rekeninge en finansies: Memoranda Nos. 12, 17, 19, 23, 27 en 33, Pretoria
- Cave, S.R., Budgetary control, standard costing and factory administration, London, 1954
- Clark, J.M., Economics of overhead costs, Chicago, 1923
- Coetzee, W.J., Die verbesondering van indirekte koste in die kleinhandel, Potchefstroom, 1962
- Devine, C.T., Cost accounting and analysis, N.Y., 1950
- Foulke, R.A., Practical financial statement analysis, N.Y., 1957
- Franzen, D.G. en Reynders, H.J.J., Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika, Pretoria, 1960
- Gardner, F.V., Profit management and control, N.Y., 1955
- Gillespie, C. Cost accounting and control, N.Y., 1959
- Halford, D.R.E., Differential costs and management decisions, London, 1952
- Institute of Cost and Works Accountants, An introduction to budgetary control, standard costing, Material control and production control, London, 1951
- The problem of selling and distribution cost accounting, London, 1947
 - The presentation of information to management, London, 1950
- Institute for chartered accountants in England and Wales, Developments in cost accounting, London, 1947
- Cost accounting terminology (South Africa council) 1960
- Keller, I.W., Management accounting for profit control, N.Y., 1957
- Kimball, D.S., sen. and Kimball, D.S. jun., Principles of industrial organisation, N.Y., 1939
- Lang, T., The cost accountants handbook, N.Y., 1952
- Mey, A., Bedrijfsbegroting en bedrijfsbeleid, Leiden, 1951
- Meij, J.L., Teoretische Bedrijfeconomie 1, 's Gravenhage, 1960
- Matz, A., Curry, O.J.; Frank, G.W., Cost accounting, Ohio, 1957

- Neuner, J.J.W., Cost accounting, Illinois, 1957
- Porter, L.A., Enkele aspekte van die vraagstuk van kapasiteitsoffers, Potchefstroom, 1962
- Raad van Toesig op die Suiwelnwyerheid, Jaarverslae, 1940/62
- Rautenstrauch, N., and Villers, R., Budgetary control, N.Y., 1957
- Rautenstrauch, W., and Villers, R., The economics of industrial management, N.Y., 1949
- Reynders, H.J.J., Die taak van die bedryfsleier, Pretoria, 1963
- Rörich, A.J.V., A study of controlled marketing of dairy products in South Africa with special reference to the butter and cheese manufacturing industries, Pretoria, 1956
- Scholma, C., Budgetering en standaardkosten, 3de druk, Aphen a/d Rijn, s.j.
- Schroeff, van der H.J., De Evolucie van het kostenbegrip in de bedrijfs-economie, Rede, Amsterdam, 1946
- Schroeff, van der H.J., De leer van de kostprijs, Amsterdam, 1956
- Sherwood, J.F. en Chace, F.T., Principles of cost accounting, Ohio, 1955
- Shillinglaw, G., Cost analysis and control, Homewood, 1962
- Sorgdrager, A.J.E., Die teoretiese en praktiese aspekte van materiaal-beheer met spesiale verwysing na sekere sekondêre nywerhede aan die Witwatersrand, Potchefstroom, 1954
- Sorgdrager, A.J.E., Die verbesondering van indirekte koste, Amsterdam, 1961
- Sorgdrager, A.J.E. en Viljoen, F.P., Leerboek van die moderne kosprysadministrasie, Deel II, Potchefstroom, 1962
- Thomas, W.G., Readings in cost accounting, Cincinnati/Chicago, 1955
- Voris, W., Production control, Illinois, 1956
- Van Sickle, C.L., Cost accounting - fundamentals and procedures, N.Y., 1947
- Wheldon, H., Cost accountancy and costing methods, London, 1953.

OPENBARE MAATSKAPPYE WAT OP DIE EFFEKTEBEURS GENOTEER WORD:
 NETTO WINSTE UITGEDRUK AS 'N PERSENTASIE VAN AANDEELHOERS-
 FONDSE WAT UIT UITGEREIKTE AANDELEKAPITAAL, RESERWES EN ON-
 VERDEELDE WINSTE BESTAAN

Bron: Buro vir Statistiek: Nasionale Rekeninge-reeks

	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961/62
	%	%	%	%	%	%	%
Wagrottotaal vir alle ge- teerde maatskappye	15.60	14.97	14.55	12.64	13.07	13.96	13.86
Wagvaardiging: Totaal	16.11	15.39	15.20	13.24	13.32	14.19	14.58
Wagdel: Totaal	13.79	13.54	12.06	11.24	12.49	13.35	12.34
Wagenste: Totaal	15.55	14.73	14.85	10.48	12.05	13.32	10.81
<u>Wagvaardiging</u>							
Wagbedsel: Totaal	17.43	15.17	14.84	14.84	14.64	16.09	17.31
Graanmeulers	11.95	12.15	10.67	9.73	10.81	12.49	14.74
Suikermeulers	21.37	15.57	17.98	20.25	14.85	16.84	17.80
Wagbak	12.03	9.89	12.02	11.45	12.61	13.05	12.14
Wagbrasie	7.27	9.61	9.40	10.59	10.03	9.84	10.34
Wagstiel	9.38	17.18	14.98	7.47	16.40	18.16	19.88
Wagbeisel en Leer	12.55	11.18	12.37	12.93	10.89	8.88	12.06
Wagbels (Hout)	12.64	12.51	12.20	9.25	10.98	8.60	9.31
Wagenieurswerke	15.57	16.50	16.27	14.58	13.23	14.02	14.60
Wagtorvoertuie	21.51	17.29	17.30	7.05	5.55	8.85	9.83
Wagumateriaal	16.01	14.68	14.12	14.25	15.72	14.98	12.51
Wagemikalië	14.85	11.82	12.46	12.36	12.22	12.72	13.05
Wagrukwerk	11.71	14.11	14.10	12.73	13.35	14.50	13.52
Wagpier en papierprodukte	14.42	19.86	18.69	16.74	19.95	22.15	20.81
Wagental maatskappye in Wagroottotaal ingesluit	381	365	365	341	341	334	327

BYLAE B

OPENBARE MAATSKAPPYE WAT OP DIE EFFEKTEBEURS GENOTEER WORD:
 NETTO WINSTE PLUS RENTE OP ALLE LENINGS, UITGEDRUK AS 'N
 PERSENTASIE VAN AANDEELHOUERSFONDSE PLUS ALLE LENINGS
 (Rente bereken @ 6% op langtermyn- en 7% op korttermynlenings)

Bron: Buro vir Statistiek: Nasionale Rekeninge-reeks (verwerk)

	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961/62
	%	%	%	%	%	%	%
Tototaal vir alle genoteerde maat- kappye	13.17	13.08	12.33	11.14	11.47	12.13	12.16
ervaardiging: Totaal	13.81	13.23	13.12	11.81	11.88	12.63	13.00
andel: Totaal	11.30	11.03	10.09	9.71	10.52	10.95	10.40
ienste: Totaal	12.81	12.09	11.55	9.24	10.43	11.11	9.59
ervaardiging:							
oedsel: Totaal	14.55	13.43	13.06	12.93	12.65	13.72	14.86
oedsel: Graanmeulens	10.35	10.55	9.54	8.70	9.42	10.38	12.29
abak	10.94	9.18	10.74	10.58	11.40	12.06	11.31
hemikalië	12.62	10.78	11.03	10.67	10.65	11.11	11.24
Botter	9.69	9.31	9.00	9.79	9.14	8.23	8.77
Kaas	11.14	8.17	7.53	12.56	11.11	9.15	8.91

* Soos uit marges bereken

OPENBARE MAATSKAPPIE WAT OP DIE EFFEKTEBEURS GENOTEER WORD: VOORKEUR-
DIWIDENDE AS 'N PERSENTASIE VAN VOORKEURAANDELEKAPITAAL

Bron: Buro vir Statistiek: Nasionale Rekeninge-reeks (DEELS VERWERK)

	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961/62
	%	%	%	%	%	%	%
Groottotaal vir alle genoteerde maatskap- pye	5.83	5.78	5.90	6.06	5.74	5.58	5.41
Vervaardiging: Totaal	6.05	5.93	5.90	6.28	5.94	5.80	5.52
Handel: Totaal	5.43	5.52	5.77	5.66	5.38	5.20	5.15
Dienste: Totaal	5.56	5.70	5.70	5.70	5.51	5.41	5.62
[Ⓜ] <u>Aangesuiwer om voor- siening te maak vir belasting</u>							
Groottotaal vir alle genoteerde maatskap- pye	8.44	8.35	8.66	8.87	8.30	7.79	7.69
Vervaardiging: Totaal	8.68	8.52	8.61	9.14	8.54	7.97	7.69
Handel: Totaal	8.03	8.17	8.77	8.32	7.80	7.53	7.72
Dienste: Totaal	8.31	8.28	8.27	8.97	8.47	8.13	9.06

[Ⓜ] Belastingaansuiwering gedoen volgens persentasies in Bylae D.

OPENBARE MAATSKAPPYE WAT OP DIE EFFEKTEBEURS GENOTEER WORD:
VERDELING VAN NETTO WINSTE

Bron: Buro vir Statistiek: Nasionale Rekeninge reeks

	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961/62
	%	%	%	%	%	%	%
1. <u>Groottotaal vir alle genoteerde maatskappye</u>							
Belasting	30.9	30.8	31.9	31.70	30.83	28.34	29.64
Dividende	38.0	36.7	37.3	41.02	40.28	37.07	39.37
Besparing	31.1	32.5	30.8	27.28	28.89	34.59	30.99
2. <u>Vervaardiging: Voedsel</u>							
Belasting	28.8	29.1	30.1	29.05	29.57	26.70	28.39
Dividende	39.8	36.4	36.5	41.17	41.85	38.41	35.36
Besparing	31.4	34.5	33.4	29.78	28.58	34.89	36.25
<u>Vervaardiging: Totaal</u>							
Belasting	30.5	30.4	31.5	31.26	30.42	27.22	28.19
Dividende	37.9	36.2	36.6	40.29	41.11	38.30	39.23
Besparing	31.8	33.4	31.9	28.45	28.47	34.48	32.58
3. <u>Handel: Totaal</u>							
Belasting	32.4	32.4	34.2	31.97	31.00	30.92	33.30
Dividende	38.5	36.7	39.2	41.35	36.92	31.90	37.04
Besparing	29.1	30.9	26.6	26.68	32.08	37.18	29.66
4. <u>Dienste: Totaal</u>							
Belasting	33.1	31.2	31.1	36.43	34.94	33.47	37.99
Dividende	37.6	42.3	40.3	49.04	40.27	37.56	47.33
Besparing	29.3	26.5	28.6	14.53	24.79	28.97	14.68

PRYSINDEKSE VAN LANDBOUPRODUKTE EN -MASJINERIE

(Basiese tydperk: 1936/37 - 1938/39 = 100)

Seisoen: Julie/ Junie	Somer- graan	Winter- graan- soorte	Hooi	Lande- like pro- dukte	Ge- slagte vee	Pluimvee en Pluim- veeproduk- te	Vars- melk	Suiwel- pro- dukte*	Landbou- masji- nerie
	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)		(g)	
1947/48	226	212	142	273	205	198	219	213	167
1948/49	230	222	131	335	211	197	230	232	186
1949/50	236	221	161	441	216	203	234	248	216
1950/51	265	241	149	940	258	217	257	259	246
1951/52	302	258	198	497	310	231	278	277	268
1952/53	320	277	198	611	329	231	311	300	271
1953/54	333	282	177	605	339	246	326	299	272
1954/55	323	277	210	512	351	243	326	297	278
1955/56	320	273	186	459	358	248	326	296	281
1959/60	306	280	203	434	387	229	359	327	302
1960/61	324	286	203	387	384	231	359	325	305
1961/62	317	290	204	377	370	234	-	293	306

* Basiese tydperk : 1937/38 - 1939/40 - 100 (Seisoen Okt. - Sept.)

- | | |
|----------------------------------|--|
| (a) Mielies en kafferkooring | (e) Beeste, skape en varke |
| (b) Koring, hawer en rog | (f) Hoenders, kalkoene en eiers |
| (c) Lusern en tefhooi | (g) Bottervet, kaasmelk en kondensermelk |
| (d) Wol, bokhaar, huide en velle | |

Bron: Afdeling Ekonomie en Marke